

**PLANT BREEDERS' RIGHTS ACT
NO. 15 OF 1976**

[ASSENTED TO 15 MARCH, 1976]

[DATE OF COMMENCEMENT: 1 NOVEMBER, 1977]

(English text signed by the State President)

as amended by

Plant Breeders' Rights Amendment Act, No. 5 of 1980

Plant Breeders' Rights Amendment Act, No. 14 of 1981

Plant Breeders' Rights Amendment Act, No. 38 of 1983

Transfer of Powers and Duties of the State President Act, No. 97 of 1986

[with effect from 3 October, 1986—see title CONSTITUTIONAL LAW]

Plant Breeders' Rights Amendment Act, No. 15 of 1996

Abolition of Restrictions on the Jurisdiction of Courts Act, No. 88 of 1996

[with effect from 22 November 1996—see title COURTS]

ACT

To provide for a system whereunder plant breeders' rights relating to varieties of certain kinds of plants may be granted and registered; for the requirements which have to be complied with for the grant of such rights; for the protection of such rights and the grant of licences in respect of the exercise thereof; and to provide for incidental matters.

[Long title substituted by s. 30 of Act No. 15 of 1996.]

1. Definitions.—In this Act, unless the context indicates otherwise—

“**advertise**” means to distribute to members of the public or to bring to their notice in any manner whatsoever any written, illustrated, visual or other descriptive material, oral statement, communication, representation or reference with the intention to promote the sale of any plants or any propagating material of a variety referred to in section 2 or to encourage the use thereof or to draw attention to the nature, properties, advantages or uses thereof or to the manner in which or the conditions on which it may be purchased or otherwise be acquired;

[Definition of “advertise” substituted by s. 1 (a) of Act No. 15 of 1996.]

“**agent**” means a person, resident in the Republic, who has been duly authorized by an applicant, breeder or holder to act on his behalf in connection with any matter regarding this Act, who is for such purpose recognized by the registrar in the prescribed manner if he complies with the prescribed requirements and in respect of whom the registrar has not been notified in the prescribed manner that such authorization has been terminated;

[Definition of “agent” substituted by s. 1 (a) of Act No. 5 of 1980.]

“**agreement country**” means a country, including any colony, protectorate or territory subject to the authority or under the suzerainty of any other country and any territory over which a mandate or trusteeship is exercised, which the State President by proclamation in the *Gazette* declares to be an agreement country with a view to the fulfilment of a bilateral agreement concerning plant breeders' rights between the Republic and such country;

“**applicant**” means a person referred to in section 6 who applies in terms of section 7 for a plant breeders' right;

[Definition of “applicant” substituted by s. 1 (b) of Act No. 5 of 1980.]

“**board**” means the board referred to in section 42;

**WET OP PLANTTELEERSREGTE
NO. 15 VAN 1976**

[GOEDGEKEUR OP 15 MAART 1976]

[DATUM VAN INVOERING: 1 NOVEMBER 1977]

(Engelse teks deur die Staatspresident geteken)

soos gewysig deur

Wysigingswet op Planttelersregte, No. 5 van 1980

Wysigingswet op Planttelersregte, No. 14 van 1981

Wysigingswet op Planttelersregte, No. 38 van 1983

Wet op die Oordrag van Bevoegdhe en Pligte van die Staatspresident,
No. 97 van 1986

[met ingang van 3 Oktober 1986—sien titel STAATSREG]

Wysigingswet op Planttelersregte, No. 15 van 1996

Wet op Afskaffing van Beperkings op Howe se Jurisdiksie, No. 88 van 1996

[met ingang van 22 November 1996—sien titel GEREKSHOWE]

WET

Om voorsiening te maak vir 'n stelsel waarkragtens planttelersregte betreffende variëteite van sekere soorte plante toegestaan en geregistreer kan word; vir die vereistes waaraan voldoen moet vir die toestaan van sodanige regte; vir die beskerming van sodanige regte en die uitreiking van lisensies ten opsigte van die uitoefening daarvan; en om voorsiening te maak vir bykomstige aangeleenthede.

[Lang titel vervang deur a. 30 van Wet No. 15 van 1996.]

1. Woordomskrywing.—In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

„adverteer” om enige skriftelike, geïllustreerde, visuele of ander beskrywende stof, mondelinge verklaring, mededeling, voorstelling of verwysing onder lede van die publiek te versprei of op enige wyse hoegenaamd onder hulle aandag te bring met die doel om die verkoop van enige plante of enige voortplantingsmateriaal van 'n variëteit bedoel in artikel 2 te bevorder of die gebruik daarvan aan te moedig of die aandag te vestig op die aard, eienskappe, voordele of gebruike daarvan of op die wyse of voorwaardes waarop dit gekoop of andersins verkry kan word;

[Omskrywing van „adverteer” vervang deur a. 1 (a) van Wet No. 15 van 1996.]

„agent” 'n persoon, in die Republiek woonagtig, wat behoorlik deur 'n applikant, teler of houer daartoe gemagtig is om namens hom op te tree in verband met enige aangeleentheid betreffende hierdie Wet, wat vir dié doel op die voorgeskrewe wyse deur die registrateur erken word indien hy aan die voorgeskrewe vereistes voldoen en ten opsigte van wie die registrateur nie op die voorgeskrewe wyse in kennis gestel is dat bedoelde magtiging beëindig is nie;

[Omskrywing van „agent” vervang deur a. 1 (a) van Wet No. 5 van 1980.]

„applikant” 'n persoon in artikel 6 bedoel wat ingevolge artikel 7 om 'n planttelersreg aansoek doen;

[Omskrywing van „applikant” vervang deur a. 1 (b) van Wet No. 5 van 1980.]

„beampte” 'n beampte of 'n werknemer soos omskryf in artikel 1 van die Staatsdienswet, 1957 (Wet No. 54 van 1957);

[Omskrywing van „beampte” vervang deur a. 1 (a) van Wet No. 38 van 1983.]

„benaming”, met betrekking tot 'n variëteit ten opsigte waarvan 'n planttelersreg toegestaan is, die generiese naam vir die variëteit;

[Omskrywing van „benaming” vervang deur a. 1 (b) van Wet No. 15 van 1996.]

“**breeder**”, in relation to a variety referred to in section 2, means—

- (a) the person who bred, or discovered and developed, the variety;
- (b) the employer of the person referred to in paragraph (a), if that person is an employee whose duties are such that the variety was bred, or discovered and developed, in the performance of such duties; or
- (c) the successor in title of the person referred to in paragraph (a) or the employer referred to in paragraph (b);

[Definition of “breeder” substituted by s. 1 (b) of Act No. 15 of 1996.]

“**convention country**” means a country, including any colony, protectorate or territory subject to the authority or under the suzerainty of any other country and any territory over which a mandate or trusteeship is exercised, which has signed and ratified, accepted or approved or has acceded to the International Convention for the Protection of New Varieties of Plants;

[Definition of “convention country” substituted by s. 1 (c) of Act No. 5 of 1980.]

“**denomination**”, in relation to a variety in respect of which a plant breeder’s right has been granted, means the generic name for the variety;

[Definition of “denomination” substituted by s. 1 (c) of Act No. 15 of 1996.]

“**department**” means the Department of Agriculture;

[Definition of “department” substituted by s. 1 (a) of Act No. 14 of 1981 and by s. 1 (a) of Act No. 38 of 1983.]

“**essential characteristics**” means the essential characteristics of a variety of a plant as expressed by means of a test or trial or any other acknowledged means of determining the characteristics of a variety of a plant;

[Definition of “essential characteristics” inserted by s. 1 (d) of Act No. 15 of 1996.]

“**holder**”, in relation to a plant breeder’s right, means the person to whom such a right has been granted in terms of section 20, or who, according to an entry in the register, is the owner of such a right;

“**kind of plant**” means all related genera, species and subspecies of a plant which are known by the same common name;

“**mark**” means a mark as defined in section 2 of the Trade Marks Act, 1963 (Act No. 62 of 1963);

“**Minister**” means the Minister of Agriculture;

[Definition of “Minister” substituted by s. 1 (b) of Act No. 14 of 1981 and by s. 1 (b) of Act No. 38 of 1983.]

“**new variety**”

[Definition of “new variety” deleted by s. 1 (e) of Act No. 15 of 1996.]

“**officer**” means an officer or an employee as defined in section 1 of the Public Service Act, 1957 (Act No. 54 of 1957);

[Definition of “officer” substituted by s. 1 (c) of Act No. 38 of 1983.]

“**plant**” includes any part of a plant;

[Definition of “plant” substituted by s. 1 (f) of Act No. 15 of 1996.]

“**plant breeder’s right**” means a plant breeder’s right granted in terms of section 20;

“**prescribed**” means prescribed by regulation;

WETTE VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA—LANDBOU
Wet op Planttelersregte, No. 15 van 1976

a. 1

a. 1

„beskermdede variëteit” ’n variëteit van ’n plant ten opsigte waarvan ’n planttelersreg toegestaan is;

[Omskrywing van „beskermdede variëteit” ingevoeg deur a. 1 (c) van Wet No. 15 van 1996.]

„departement” die Departement van Landbou;

[Omskrywing van „departement” vervang deur a. 1 (a) van Wet No. 14 van 1981 en deur a. 1 (b) van Wet No. 38 van 1983.]

„hierdie Wet” ook die regulasies;

„houer”, met betrekking tot ’n planttelersreg, iemand aan wie so ’n reg ingevolge artikel 20 toegestaan is, of wat, volgens ’n inskrywing in die register, die eienaar van so ’n reg is;

„kenmerkende eienskappe” die kenmerkende eienskappe van ’n variëteit van ’n plant soos uitgedruk by wyse van ’n toets of proef of enige ander erkende wyse van bepaling van die eienskappe van ’n variëteit van ’n plant;

[Omskrywing van „kenmerkende eienskappe” ingevoeg deur a. 1 (d) van Wet No. 15 van 1996.]

„konvensieland” ’n land, met inbegrip van ’n kolonie, protektoraat of gebied onder die gesag of susereiniteit van ’n ander land en ’n gebied waarvoor ’n mandaat of voogdyskap uitgeoefen word, wat die Internasionale Konvensie vir die Beskerming van Nuwe Variëteite van Plante onderteken en bekragtig, aanvaar of goedgekeur het of daartoe toegetree het;

[Omskrywing van „konvensieland” vervang by a. 1 (c) van Wet No. 5 van 1980.]

„merk” ’n merk soos omskryf in artikel 2 van die Wet op Handelsmerke, 1963 (Wet No. 62 van 1963);

„Minister” die Minister van Landbou;

[Omskrywing van „Minister” vervang deur a. 1 (b) van Wet No. 14 van 1981 en deur a. 1 (c) van Wet No. 38 van 1983.]

„nuwe variëteit”

[Omskrywing van „nuwe variëteit” geskrap deur a. 1 (e) van Wet No. 15 van 1996.]

„ooreenkomsland” ’n land, met inbegrip van ’n kolonie, protektoraat of gebied onder die gesag of susereiniteit van ’n ander land en ’n gebied waarvoor ’n mandaat of voogdyskap uitgeoefen word, wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* as ’n ooreenkomsland verklaar met die oog op die nakoming van ’n bilaterale ooreenkoms betreffende planttelersregte tussen die Republiek en sodanige land;

„plant” ook enige deel van ’n plant;

[Omskrywing van „plant” vervang deur a. 1 (f) van Wet No. 15 van 1996.]

„planttelersreg” ’n planttelersreg ingevolge artikel 20 toegestaan;

„raad” die in artikel 42 bedoelde raad;

„register” die register ingevolge artikel 4 gehou;

„registrateur” die beampete ingevolge artikel 3 as Registrateur van Planttelersregte aangewys;

[Omskrywing van „registrateur” vervang deur a. 1 (d) van Wet No. 38 van 1983.]

„regulasie” ’n regulasie wat kragtens hierdie Wet uitgevaardig is;

“propagating material” means any material of a plant that can be used for the propagation of a plant;

[Definition of “propagating material” substituted by s. 1 (d) of Act No. 5 of 1980 and by s. 1 (g) of Act No. 15 of 1996.]

“protected variety” means a variety of a plant in respect of which a plant breeder’s right has been granted;

[Definition of “protected variety” inserted by s. 1 (h) of Act No. 15 of 1996.]

“register” means the register kept in terms of section 4;

“registrar” means the officer designated as Registrar of Plant Breeders’ Rights in terms of section 3;

[Definition of “registrar” substituted by s. 1 (d) of Act No. 38 of 1983.]

“regulation” means a regulation made under this Act;

“sell” includes agree to sell, or to offer, advertise, keep, expose, transmit, send, convey or deliver for sale, or to exchange or to dispose of to any person in any manner for a consideration; and **“sold”** and **“sale”** have corresponding meanings;

“this Act” includes the regulations;

“variety” means any plant grouping within a single botanical taxon of the lowest known classification, which grouping, irrespective of whether or not the conditions for the grant of a plant breeder’s right are fully met, can be—

- (a) defined by the expression of the characteristics resulting from a given genotype or combination of genotypes;
- (b) distinguished from any other plant grouping by the expression of at least one of the said characteristics; and
- (c) considered as a unit with regard to its suitability for being propagated unchanged.

[Definition of “variety” substituted by s. 1 (i) of Act No. 15 of 1996.]

2. Application of Act.—(1) This Act shall apply in relation to every variety of any prescribed kind of plant if it is new, distinct, uniform and stable.

(2) A variety referred to in subsection (1) shall be deemed to be—

- (a) new if propagating material or harvested material thereof has not been sold or otherwise disposed of by, or with the consent of, the breeder for purposes of exploitation of the variety—
 - (i) in the Republic, not more than one year; and
 - (ii) in a convention country or an agreement country, in the case of—
 - (aa) varieties of vines and trees, not more than six years; or
 - (bb) other varieties, not more than four years,
- prior to the date of filing of the application for a plant breeder’s right;
- (b) distinct if, at the date of filing of the application for a plant breeder’s right, it is clearly distinguishable from any other variety of the same kind of plant of which the existence on that date is a matter of common knowledge;

„soort plant” alle verwante genera, spesies of subspecies van ’n plant wat onder dieselfde algemene naam bekend is;

„teler”, met betrekking tot ’n variëteit bedoel in artikel 2—

- (a) die persoon wat die variëteit geteel, of dit ontdek en ontwikkel het;
- (b) die werkgewer van die persoon in paragraaf (a) bedoel, indien daardie persoon ’n werknemer is wie se pligte sodanig is dat die variëteit in die verrigting van daardie pligte geteel, of ontdek en ontwikkel is; of
- (c) die regsopvolger van die persoon in paragraaf (a) of die werkgewer in paragraaf (b) bedoel;

[Omskrywing van „teler” vervang deur a. 1 (g) van Wet No. 15 van 1996.]

„variëteit” ’n plantgroepering binne ’n enkele botaniese takson van die laagste bekende klassifikasie, welke groepering, ongeag daarvan of die voorwaardes vir die bestaan van ’n planttelersreg ten volle nagekom is of nie—

- (a) omskryf kan word deur die uitdrukking van die eienskappe veroorsaak deur ’n gegewe genotipe of kombinasie van genotipes;
- (b) van enige ander plantgroepering onderskei kan word deur die uitdrukking van ten minste een van genoemde eienskappe; en
- (c) as ’n eenheid beskou kan word met betrekking tot die geskiktheid daarvan om onveranderd voortgeplant te word;

[Omskrywing van „variëteit” vervang deur a. 1 (h) van Wet No. 15 van 1996.]

„verkoop” ook ooreenkom om te verkoop, of vir verkoop aanbied, adverteer, hou, uitstal, versend, stuur, vervoer of lewer, of verruil of op enige wyse vir ’n teenprestasie aan iemand van die hand sit; en het „verkoop”, wanneer dit as ’n naamwoord gebruik word, ’n ooreenstemmende betekenis;

„voorgeskryf” by regulasie voorgeskryf en het „voorgeskrewe” ’n ooreenstemmende betekenis;

„voortplantingsmateriaal” enige materiaal van ’n plant wat vir die voortplanting van ’n plant gebruik kan word.

[Omskrywing van „voortplantingsmateriaal” vervang deur a. 1 (d) van Wet No. 5 van 1980 en deur a. 1 (i) van Wet No. 15 van 1996.]

2. Toepassing van Wet.—(1) Hierdie Wet is van toepassing met betrekking tot elke variëteit van ’n voorgeskrewe soort plant indien dit nuut, onderskeibaar, uniform en stabiel is.

(2) ’n Variëteit bedoel in subartikel (1) word geag—

- (a) nuut te wees indien voortplantingsmateriaal of geoeste materiaal daarvan—
 - (i) in die Republiek, nie meer as een jaar nie; en
 - (ii) in ’n konvensieland of ooreenkomsland, in die geval van—
 - (aa) variëteite van rankplante en bome, nie meer as ses jaar nie; of
 - (bb) ander variëteite, nie meer as vier jaar nie,

voor die datum van indiening van die aansoek om ’n planttelersreg, nie deur die teler, of met die teler se toestemming, verkoop of andersins van die hand gesit is vir doeleindes van die benutting daarvan nie;

- (b) onderskeibaar te wees indien dit op die datum van indiening van die aansoek om ’n planttelersreg duidelik te onderskei is van ’n ander variëteit van dieselfde soort plant waarvan die bestaan op daardie datum ’n saak van algemene kennis is;

- (c) uniform if, subject to the variation that may be expected from the particular features of the propagation thereof, it is sufficiently uniform with regard to the characteristics of the variety in question;
- (d) stable if the characteristics thereof remain unchanged after repeated propagation or, in the case of a particular cycle of propagation, at the end of each such cycle.

(3) If the application of this Act is extended to a kind of plant to which this Act, or any law repealed by it, did not previously apply, the registrar may deem a variety of such a kind of plant which existed at the time of the extension to be new for the purposes of subsection (2) (a), notwithstanding the fact that propagating material or harvested material thereof was sold or disposed of prior to the periods of time referred to in that subsection.

(4) If an application, in any country, for the grant of a plant breeder's right in respect of, or for the entering in the official register of varieties of, a variety in fact leads to the grant of a plant breeder's right in respect of, or to the entry in the official register of, that variety in the country in question, the existence of that variety shall, as from the date of the application, for the purposes of subsection (2) (b), also be deemed to have been a matter of common knowledge.

[S. 2 amended by s. 2 of Act No. 5 of 1980 and substituted by s. 2 of Act No. 15 of 1996.]

3. Designation of registrar.—(1) The Minister shall designate an officer in the department as the Registrar of Plant Breeders' Rights, who shall be the authority to whom the protection of varieties is entrusted, and who shall exercise the powers and carry out the duties assigned to or imposed upon the registrar under this Act.

[Sub-s. (1) substituted by s. 3 of Act No. 15 of 1996.]

(2) The registrar shall exercise his or her powers and carry out his or her duties subject to any instructions issued by the Minister.

[Sub-s. (2) substituted by s. 3 of Act No. 15 of 1996.]

(3) (a) The registrar may authorize any officer, or with the approval of the Minister any person who is not an officer, to exercise or carry out any power or duty of the registrar.

(b) Any decision made or order given by any such officer or any such person, may be withdrawn or amended by the registrar, and shall, until it has been so withdrawn or amended, be deemed, except for the purposes of this paragraph, to have been made by the registrar.

[Sub-s. (3) substituted by s. 3 of Act No. 15 of 1996.]

(4) The officer designated as registrar in terms of section 3 (1) of the Plant Breeders' Rights Act, 1964 (Act No. 22 of 1964), shall be deemed to have been designated as Registrar of Plant Breeders' Rights in terms of this section.

4. Register of plant breeders' rights.—(1) The registrar shall keep a register in which the prescribed particulars in respect of plant breeders' rights granted in terms of this Act shall be entered.

[Sub-s. (1) substituted by s. 3 of Act No. 5 of 1980.]

(2) The register shall, upon payment of the prescribed fee, be open for inspection at the office of the registrar during office hours.

(3) The registrar shall furnish, at the request of any person and upon payment of the prescribed fee, a copy of any particulars in the register or a certificate in respect thereof.

- (c) uniform te wees indien dit, behoudens die afwyking wat van die besondere kenmerke van die voortplanting daarvan verwag kan word, genoegsaam uniform is wat die kenmerkende eienskappe van die betrokke variëteit betref;
- (d) stabiel te wees indien die kenmerkende eienskappe daarvan onveranderd bly na herhaalde voortplanting of, in die geval van 'n bepaalde voortplantingsiklus, aan die einde van elke sodanige siklus.

(3) Indien die toepassing van hierdie Wet uitgebrei word na 'n soort plant waarop hierdie Wet, of 'n wet daarby herroep, nie voorheen van toepassing was nie, kan die registrateur by die toepassing van subartikel (2) (a) 'n variëteit van so 'n soort plant wat ten tyde van die uitbreiding bestaan, ag nuut te wees ondanks die feit dat voortplantingsmateriaal of geoeste materiaal daarvan voor die tydperke bedoel in daardie subartikel verkoop of van die hand gesit is.

(4) Indien 'n aansoek, in enige land, om die toestaan van 'n planttelersreg ten aansien van, of om die aanteken in die amptelike register van variëteite van, 'n variëteit inderdaad aanleiding gee tot die toestaan van 'n planttelersreg ten aansien van, of die aanteken in die amptelike register van, daardie variëteit in die betrokke land, word die bestaan van daardie variëteit vir die doeleindes van subartikel (2) (b), vanaf die datum van die aansoek, ook geag 'n saak van algemene kennis te gewees het.

[A. 2 gewysig deur a. 2 van Wet No. 5 van 1980 en vervang deur a. 2 van Wet No. 15 van 1996.]

3. Aanwysing van registrateur.—(1) Die Minister wys 'n beampte in die departement aan as Registrateur van Planttelersregte, wat die gesag is aan wie die beskerming van variëteite opgedra word en wat die bevoegdhede uitoefen en die pligte verrig wat kragtens hierdie Wet aan die registrateur verleen of opgedra word.

[Sub-a. (1) vervang deur a. 3 van Wet No. 15 van 1996.]

(2) Die registrateur oefen sy of haar bevoegdhede uit en verrig sy of haar pligte behoudens enige opdragte deur die Minister uitgereik.

[Sub-a. (2) vervang deur a. 3 van Wet No. 15 van 1996.]

(3) (a) Die registrateur kan 'n beampte of, met die goedkeuring van die Minister 'n persoon wat nie 'n beampte is nie, magtig om 'n bevoegdheid of plig van die registrateur uit te oefen of te verrig.

(b) 'n Beslissing of opdrag gegee deur so 'n beampte of so 'n persoon kan deur die registrateur ingetrek of gewysig word, en word, totdat dit aldus ingetrek of gewysig is, behalwe by die toepassing van hierdie paragraaf, geag deur die registrateur gegee te gewees het.

[Sub-a. (3) vervang deur a. 3 van Wet No. 15 van 1996.]

(4) Die beampte aangewys as registrateur kragtens artikel 3 (1) van die Wet op Planttelersregte, 1964 (Wet No. 22 van 1964), word geag as Registrateur van Planttelersregte kragtens hierdie artikel aangewys te gewees het.

4. Register van planttelersregte.—(1) Die registrateur hou 'n register waarin die voorgeskrewe besonderhede ten opsigte van planttelersregte ingevolge hierdie Wet toegestaan, aangeteken word.

[Sub-a. (1) vervang deur a. 3 van Wet No. 5 van 1980.]

(2) Die register is by betaling van die voorgeskrewe gelde by die kantoor van die registrateur gedurende kantoorure ter insae beskikbaar.

(3) Die registrateur verstrek op versoek van enigiemand en by betaling van die voorgeskrewe gelde 'n afskrif van enige besonderhede in die register of 'n sertifikaat ten opsigte daarvan.

(4) The register kept in terms of section 4 of the Plant Breeders' Rights Act, 1964 (Act No. 22 of 1964), shall be incorporated in and form part of the register to be kept under this section, and any document supplied to the registrar under that Act in terms of any provision thereof, shall be deemed to have been furnished to the registrar under the corresponding provision of this Act.

5. Register to be evidence.—(1) The register shall be *prima facie* evidence of all matters directed or authorized by this Act to be noted therein.

(2) A certificate by the registrar to the effect that an entry has or has not been made in the register or that any other thing authorized by this Act to be done, has or has not been done, shall be *prima facie* evidence of the matters specified in that certificate.

(3) A copy of an entry in the register or an extract from the register, certified by the registrar, shall be admitted in evidence in any court without further proof or production of the register.

5A. Entering into of certain agreements by registrar.—The registrar may, with the approval of the Minister, granted with the concurrence of the Minister of Foreign Affairs and Information and the Minister of Finance, enter into an agreement with the appropriate authority in a convention country or an agreement country in terms of which the registrar may—

- (a) obtain results of tests and trials undertaken by any such authority with a variety referred to in section 19 (2) of this Act, from such authority;
- (b) furnish the results of tests and trials—
 - (i) undertaken by him in terms of section 19 (2) (a) of this Act with a variety referred to in that section; or
 - (ii) undertaken by him with a variety in respect of which the appropriate authority concerned has submitted propagating material to him for such purpose,to the authority concerned, if an application for the protection of the variety has been made in that other country in accordance with the laws in force in the country concerned; and
- (c) submit propagating material of a variety in respect of which application for a plant breeders' right has been made to him, to the authority concerned in order to have the necessary tests and trials undertaken therewith and to furnish the results thereof to him,

against payment of the fees mentioned in the agreement.

[S. 5A inserted by s. 2 of Act No. 38 of 1983.]

6. Persons who may apply for plant breeders' rights.—(1) An application for the grant of a plant breeder's right may be made by the breeder of a variety of a kind of plant referred to in section 2.

[Sub-s. (1) substituted by s. 4 of Act No. 15 of 1996.]

- (2) An application referred to in subsection (1) may only be made by a person who—
- (a) is a citizen of, or is domiciled in, the Republic or a convention country or an agreement country; or
 - (b) in the case of a juristic person, has a registered office in the Republic or a convention country or an agreement country.

[S. 6 substituted by s. 4 of Act No. 5 of 1980. Sub-s. (2) added by s. 2 of Act No. 14 of 1981.]

(4) Die register ingevolge artikel 4 van die Wet op Planttelersregte, 1964 (Wet No. 22 van 1964), gehou, word ingelyf by en maak deel uit van die register wat ingevolge hierdie artikel gehou moet word, en 'n stuk verstrekk aan die registrateur in daardie Wet ingevolge 'n bepaling daarvan, word geag ingevolge die ooreenstemmende bepaling van hierdie Wet aan die registrateur verstrekk te gewees het.

5. Register dien as bewys.—(1) Die register dien as *prima facie*-bewys van alle aangeleenthede wat volgens hierdie Wet daarin aangeteken moet of mag word.

(2) 'n Sertifikaat van die registrateur ten effekte dat 'n inskrywing in die register gemaak is of nie gemaak is nie of dat enigiets anders wat ingevolge hierdie Wet gedoen mag word, gedoen is of nie gedoen is nie, is *prima facie*-bewys van die aangeleenthede in daardie sertifikaat vermeld.

(3) 'n Afskrif van 'n inskrywing in die register of 'n uittreksel uit die register, deur die registrateur gesertifiseer, word sonder verdere bewys of voorlegging van die register in 'n hof as getuienis toegelaat.

5A. Aangaan van sekere ooreenkomste deur registrateur.—Die registrateur kan, met die goedkeuring van die Minister, verleen met die instemming van die Minister van Buitelandse Sake en Inligting en die Minister van Finansies, 'n ooreenkoms met die toepaslike gesag in 'n konvensieland of 'n ooreenkomsland aangaan ingevolge waarvan die registrateur—

- (a) die resultate van toetse en proewe wat deur so 'n gesag onderneem is met 'n variëteit bedoel in artikel 19 (2) van hierdie Wet, van dié gesag kan verkry;
- (b) die resultate van toetse en proewe—
 - (i) wat hy ingevolge artikel 19 (2) (a) van hierdie Wet onderneem het met 'n variëteit in daardie artikel bedoel; of
 - (ii) wat hy onderneem het met 'n variëteit ten opsigte waarvan die betrokke gesag voortplantingsmateriaal vir daardie doel aan hom voorgelê het, aan die betrokke gesag kan voorsien indien 'n aansoek om beskerming van die variëteit ooreenkomsdig die wette wat in die betrokke ander land van krag is, in daardie land gedoen is; en
- (c) voortplantingsmateriaal van 'n variëteit ten opsigte waarvan 'n aansoek om 'n planttelersreg by hom gedoen is, aan die betrokke gesag kan voorlê ten einde die nodige toetse en proewe daarmee te laat onderneem en die resultate daarvan aan hom te voorsien,

teen betaling van die gelde in die ooreenkoms vermeld.

[A. 5A ingevoeg deur a. 2 van Wet No. 38 van 1983.]

6. Persone wat om planttelersreg aansoek mag doen.—(1) 'n Aansoek om die toestaan van 'n planttelersreg kan gedoen word deur die teler van 'n variëteit van 'n soort plant in artikel 2 bedoel.

[Sub-a. (1) vervang deur a. 4 van Wet No. 15 van 1996.]

- (2) 'n Aansoek in subartikel (1) bedoel, kan gedoen word slegs deur iemand wat—
 - (a) 'n burger is van, of gedomisilieer is in, die Republiek of 'n konvensieland of 'n ooreenkomsland; of
 - (b) in die geval van 'n regspersoon, 'n geregistreerde kantoor in die Republiek of 'n konvensieland of 'n ooreenkomsland het.

[A. 6 vervang deur a. 4 van Wet No. 5 van 1980. Sub-a. (2) bygevoeg deur a. 2 van Wet No. 14 van 1981.]

7. Application for plant breeder's right.—(1) An application for the grant of a plant breeder's right shall be made in the prescribed manner, be accompanied by the prescribed application fee and documents, and contain an address in the Republic to which any notice or communication may be sent.

(2) An application under subsection (1) by a person who is not resident in the Republic or, in the case of a juristic person, which does not have a registered office in the Republic, shall be submitted only through an agent.

[Sub-s. (2) substituted by s. 3 of Act No. 14 of 1981.]

(3) The registrar may require—

- (a) that plants of the variety in question, or of the variety from which it originated, be shown to him; and
- (b) that such additional information or specimens as he or she may deem necessary to determine whether or not the variety concerned constitutes a variety referred to in section 2, be furnished to him or her.

[S. 7 substituted by s. 5 of Act No. 5 of 1980. Para. (b) substituted by s. 5 of Act No. 15 of 1996.]

8. Priority and redating of applications.—(1) The effective date of an application in terms of section 7 shall be the date on which it is received by the registrar, and if more than one application in respect of the same variety is received, priority shall be given by the registrar in accordance with the regulations.

[Sub-s. (1) substituted by s. 6 of Act No. 5 of 1980.]

(2) If an application in terms of section 7 is preceded by an application by or on behalf of the same applicant for protection of the same variety in a convention country or an agreement country and the last-mentioned application has been deposited in accordance with the laws in force in that country, the registrar shall, notwithstanding the provisions of subsection (1) of this section, give priority to the first-mentioned application if—

- (a) it is submitted to the registrar in the prescribed manner within a period of 12 months of the date on which such preceding application was duly deposited in a convention country or an agreement country;

[Para. (a) substituted by s. 6 (b) of Act No. 15 of 1996.]

- (b) it is accompanied by a claim in respect of the priority thereof; and
- (c) it is accompanied by the prescribed application fee.

[Sub-s. (2) substituted by s. 6 of Act No. 5 of 1980 and amended by s. 6 (a) of Act No. 15 of 1996.]

(3) A claim referred to in subsection (2) (b) shall within the prescribed period, which shall not be less than three months, of the date on which it was submitted to the registrar, be confirmed by lodging with the registrar a copy, certified as correct by the appropriate authority in the convention country or agreement country in question, of each document which constituted the relevant preceding application.

[Sub-s. (3) substituted by s. 6 (c) of Act No. 15 of 1996.]

(4) An application given priority under subsection (2) shall, within the prescribed period, which shall not be less than two years, reckoned from the date on which the period of 12 months contemplated in subsection (2) expired, be confirmed by supplementing it in any respect necessary in order to comply with the requirements of this Act.

[Sub-s. (4) substituted by s. 6 (c) of Act No. 15 of 1996.]

(5) If two or more applications for the protection of the same variety have been deposited on different dates in different convention countries or agreement countries, the period referred to in subsection (2) (a) shall be calculated from the date on which the earliest of such applications was deposited with the appropriate authority.

[Sub-s. (5) substituted by s. 6 (c) of Act No. 15 of 1996.]

7. **Aansoek om planttelersreg.**—(1) 'n Aansoek om die toestaan van 'n planttelersreg moet op die voorgeskrewe wyse gedoen word, moet van die voorgeskrewe aansoekgeld en stukke vergesel gaan en moet 'n adres in die Republiek aangee waarheen enige kennisgewing of mededeling gestuur kan word.

(2) 'n Aansoek kragtens subartikel (1) deur iemand wat nie in die Republiek woonagtig is nie of wat, in die geval van 'n regspersoon, nie 'n geregisteerde kantoor in die Republiek het nie, word slegs deur bemiddeling van 'n agent gedoen.

[Sub-a. (2) vervang deur a. 3 van Wet No.14 van 1981.]

(3) Die registrateur kan vereis—

- (a) dat plante van die betrokke variëteit, of van die variëteit waaruit dit ontstaan het, aan hom getoon word; en
- (b) dat die bykomende inligting of monsters wat hy of sy nodig ag om te bepaal of die betrokke variëteit 'n variëteit bedoel in artikel 2 is of nie, aan hom of haar voorsien word.

[A. 7 vervang deur a. 5 van Wet No. 5 van 1980. Par. (b) vervang deur a. 5 van Wet No. 15 van 1996.]

8. **Voorrang en herdatering van aansoeke.**—(1) Die effektiewe datum van 'n aansoek ingevolge artikel 7 is die datum waarop dit deur die registrateur ontvang word, en indien meer as een aansoek ten opsigte van dieselfde variëteit ontvang word, word voorrang ooreenkomstig die regulasies deur die registrateur verleen.

[Sub-a. (1) vervang deur a. 6 van Wet No. 5 van 1980.]

(2) Indien 'n aansoek ingevolge artikel 7 voorafgegaan word deur 'n aansoek deur of namens dieselfde applikant om beskerming van dieselfde variëteit in 'n konvensieland of 'n ooreenkomsland en laasbedoelde aansoek ingedien is ooreenkomstig die wette wat in daardie land van krag is, verleen die registrateur, ondanks die bepalings van subartikel (1) van hierdie artikel, voorrang aan eersgenoemde aansoek indien—

- (a) dit op die voorgeskrewe wyse aan die registrateur voorgelê word binne 'n tydperk van 12 maande na die datum waarop bedoelde voorafgaande aansoek behoorlik in 'n konvensieland of 'n ooreenkomsland ingedien is;

[Par. (a) vervang deur a. 6 (b) van Wet No. 15 van 1996.]

- (b) dit vergesel gaan van 'n aanspraak ten opsigte van die voorrang daarvan; en
- (c) dit vergesel gaan van die voorgeskrewe aansoekgeld.

[Sub-a. (2) vervang deur a. 6 van Wet No. 5 van 1980 en gewysig deur a. 6 (a) van Wet No. 15 van 1996.]

(3) 'n Aanspraak bedoel in subartikel (2) (b) word binne die voorgeskrewe tydperk, wat nie minder is as drie maande nie, na die datum waarop dit aan die registrateur voorgelê is, bevestig deur by die registrateur 'n afskrif, as korrek gewaarmerk deur die toepaslike gesag in die betrokke konvensieland of ooreenkomsland, van elke dokument wat die betrokke voorafgaande aansoek uitmaak, in te dien.

[Sub-a. (3) vervang deur a. 6 (c) van Wet No. 15 van 1996.]

(4) 'n Aansoek waaraan voorrang ingevolge subartikel (2) verleen is, word binne die voorgeskrewe tydperk, wat nie minder is as twee jaar nie, bereken vanaf die datum waarop die tydperk van 12 maande in subartikel (2) beoog, verstryk het, bevestig deur dit aan te vul in elke opsig wat nodig is ten einde aan die voorskrifte van hierdie Wet te voldoen.

[Sub-a. (4) vervang deur a. 6 (c) van Wet No. 15 van 1996.]

(5) Indien twee of meer aansoeke om die beskerming van dieselfde variëteit op verskillende datums in verskillende konvensielande of ooreenkomslande ingedien is, word die tydperk bedoel in subartikel (2) (a) bereken vanaf die datum waarop die vroegste van bedoelde aansoeke by die toepaslike gesag ingedien is.

[Sub-a. (5) vervang deur a. 6 (c) van Wet No. 15 van 1996.]

(6) If the registrar has given priority to an application under subsection (2), no matter referred to in section 2 (4) which occurs within the period referred to in subsection (2) (a) of this section, shall constitute a ground of objection to such application.

(7) Any priority given to an application under subsection (2) shall lapse if any document referred to in subsection (3) or (4) is not submitted within the relevant period.

(8) Where an application for a plant breeder's right has been received by the registrar and a new application in respect of any part of the subject-matter of the first-mentioned application is made by the same applicant before a plant breeder's right has been granted, the registrar may direct that the new application be antedated to a date not earlier than the date on which such first-mentioned application was received by him.

(9) Where an application received by the registrar is amended otherwise than by way of explanation or correction before the application is published in terms of section 13, the registrar may direct that the date of the application shall be the date on which it is amended or, if it has been returned to the applicant, the date on which it is again received by the registrar.

9.

[S. 9 repealed by s. 7 of Act No. 5 of 1980.]

10. Denomination of variety.—(1) The denomination of a variety referred to in section 2 shall comply with the prescribed requirements and be proposed by the person who applies for the grant of a plant breeder's right in respect thereof, and such denomination shall be subject to the approval of the registrar.

[Sub-s. (1) substituted by s. 7 (b) of Act No. 15 of 1996.]

(2) No denomination, other than the approved denomination of a variety, may at any time, whether before or after the expiry of the term of the plant breeder's right granted in respect thereof, be used in connection with such variety.

(3) The provisions of subsection (2) shall not be construed so as to prohibit the proprietor or other registered user of a mark to use such mark in conjunction with the denomination in respect of which a plant breeder's right has been granted.

(4) A variety shall be submitted to the registrar under the same denomination as the denomination by which it is known in any other country, unless the registrar considers the denomination unacceptable in which case the applicant shall submit an alternative denomination.

[S. 10 substituted by s. 8 of Act No. 5 of 1980 and amended by s. 7 (a) of Act No. 15 of 1996.
Sub-s. (4) added by s. 7 (c) of Act No. 15 of 1996.]

11. Rejection of application.—(1) The registrar may reject an application made to him under section 7 if it appears to him—

- (a) that the application does not comply with any provision of this Act;
- (b) that the variety in respect of which the application is made—

- (i) is not a variety referred to in section 2;

[Sub-para. (i) substituted by s. 8 (a) of Act No. 15 of 1996.]

- (ii) does not comply with any provision of this Act; or
- (iii) does not belong to a prescribed kind of plant;

[Sub-para. (iii) substituted by s. 9 (a) of Act No. 5 of 1980.]

- (c) that the applicant is not under this Act entitled to make the application;
- (d) that the application contains a material misrepresentation;

(6) Indien die registrateur ingevolge subartikel (2) voorrang aan 'n aansoek verleen het, geld geen aangeleentheid bedoel in artikel 2 (4) wat binne die in subartikel (2) (a) van hierdie artikel bedoelde tydperk ontstaan, as grond van beswaar teen so 'n aansoek nie.

(7) 'n Voorrang ingevolge subartikel (2) aan 'n aansoek verleen, verval indien 'n in subartikel (3) of (4) bedoelde dokument nie binne die betrokke tydperk ingedien word nie.

(8) Waar 'n aansoek om 'n planttelersreg deur die registrateur ontvang is en 'n nuwe aansoek ten opsigte van enige gedeelte van die onderwerp van eersbedoelde aansoek deur dieselfde applikant gedoen word voordat 'n planttelersreg toegestaan is, kan die registrateur gelas dat die nuwe aansoek teruggedateer word tot 'n datum wat nie vroeër is as die datum waarop eersbedoelde aansoek deur hom ontvang is nie.

(9) Waar 'n aansoek deur die registrateur ontvang, anders as by wyse van verduideliking of verbetering gewysig word voordat die aansoek ingevolge artikel 13 gepubliseer word, kan die registrateur gelas dat die datum van die aansoek die datum is waarop dit gewysig word of, indien dit aan die applikant terugbesorg is, die datum is waarop dit weer deur die registrateur ontvang word.

9.

[A. 9 herroep deur a. 7 van Wet No. 5 van 1980.]

10. Benaming van variëteit.—(1) Die benaming van 'n variëteit bedoel in artikel 2 moet aan die voorgeskrewe vereistes voldoen en moet voorgestel word deur die persoon wat aansoek doen om die toestaan van 'n planttelersreg ten opsigte daarvan, en sodanige benaming is onderhewig aan goedkeuring deur die registrateur.

[Sub-a. (1) vervang deur a. 7 (b) van Wet No. 15 van 1996.]

(2) Geen benaming, behalwe die goedgekeurde benaming van 'n variëteit, mag te eniger tyd, hetsy voor of na verstryking van die termyn van die planttelersreg ten opsigte daarvan toegestaan, in verband met sodanige variëteit gebruik word nie.

(3) Die bepalinge van subartikel (2) word nie so uitgelê nie dat dit die eienaar of ander geregistreerde gebruiker van 'n merk verbied om so 'n merk tesame met die benaming van 'n variëteit ten opsigte waarvan 'n planttelersreg toegestaan is, te gebruik.

(4) 'n Variëteit word aan die registrateur voorgelê onder dieselfde benaming as die benaming waaronder dit in enige ander land bekend staan, behalwe as die registrateur die benaming as onaanvaarbaar beskou in welke geval die applikant 'n alternatiewe benaming moet voorlê.

[A. 10 vervang deur a. 8 van Wet No. 5 van 1980 en gewysig deur a. 7 (a) van Wet No. 15 van 1996. Sub-a. (4) bygevoeg deur a. 7 (c) van Wet No. 15 van 1996.]

11. Verwerping van aansoek.—(1) Die registrateur kan 'n aansoek verwerp wat ingevolge artikel 7 aan hom gedoen is, indien dit vir hom blyk—

(a) dat die aansoek nie aan 'n bepaling van hierdie Wet voldoen nie;

(b) dat die variëteit ten opsigte waarvan die aansoek gedoen is—

(i) nie 'n variëteit bedoel in artikel 2 is nie;

[Subpar. (i) vervang deur a. 8 (a) van Wet No. 15 van 1996.]

(ii) nie aan 'n bepaling van hierdie Wet voldoen nie; of

(iii) nie tot 'n voorgeskrewe soort plant behoort nie;

[Sub-par. (iii) vervang deur a. 9 (a) van Wet No. 5 van 1980.]

(c) dat die applikant nie ingevolge hierdie Wet geregtig is om die aansoek te doen nie;

(d) dat die aansoek 'n weselike wanvoorstelling bevat;

- (e) that the application fraudulently affects the rights of the holder of a plant breeder's right or of the person to whom provisional protection has been granted in terms of section 14;
- (f) that the applicant refuses or has failed or is not able to propose an acceptable denomination;
- (g) that the propagation of the variety in question would require repeated use of propagating material of another variety for which plant breeders' rights have been granted to or applied for by another person, unless such propagating material is used under a licence issued in terms of section 25 or 27;
- (h) that the description submitted does not clearly describe the variety;
- (i) that, where such application has been preceded by an application by or on behalf of the same applicant for protection of the same variety in a convention country or an agreement country, the description submitted to him or her differs from the description submitted in such preceding application or that the description in such preceding application does not describe a variety referred to in section 2; or

[Para. (i) substituted by s. 9 (b) of Act No. 5 of 1980 and by s. 8 (b) of Act No. 15 of 1996.]

- (j) that the provisions of section 19 have not been complied with at the filing of the application.

[Para. (j) added by s. 8 (c) of Act No. 15 of 1996.]

continued on page 1799 (306)

WETTE VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA—LANDBOU
Wet op Planttelersregte, No. 15 van 1976

a. 11

a. 11

- (e) dat die aansoek die regte van die houer van 'n planttelersreg of van iemand aan wie voorlopige beskerming ingevolge artikel 14 verleen is, op bedrieglike wyse raak;
- (f) dat die applikant weier of versuim het of nie in staat is om 'n aanvaarbare benaming voor te stel nie;
- (g) dat die voortplanting van die betrokke variëteit die herhaalde gebruik sal vereis van voortplantingsmateriaal van 'n ander variëteit waarvoor planttelersregte verleen is aan of om aansoek gedoen is deur iemand anders, tensy sodanige voortplantingsmateriaal gebruik word kragtens 'n lisensie uitgereik ingevolge artikel 25 of 27;
- (h) dat die beskrywing ingedien die variëteit nie duidelik beskryf nie;
- (i) dat, waar bedoelde aansoek voorafgegaan is deur 'n aansoek deur of namens dieselfde applikant om beskerming van dieselfde variëteit in 'n konvensieland of ooreenkomsland, die beskrywing wat aan hom of haar voorgelê is, verskil van die beskrywing wat in sodanige voorafgaande aansoek voorgelê is of dat die beskrywing in sodanige voorafgaande aansoek nie 'n variëteit bedoel in artikel 2 beskryf nie; of

[Par. (i) vervang deur a. 9 (b) van Wet No. 5 van 1980 en deur a 8 (b) van Wet No. 15 van 1996.]

- (j) dat die bepalinge van artikel 19 nie nagekom is by die indien van die aansoek nie.

[Par. (j) bygevoeg deur a. 8 (c) van Wet No. 15 van 1996.]

vervolg op bladsy 1800 (306)

(2) If the registrar rejects an application in terms of subsection (1) he shall in writing advise the person who applied for the grant of a plant breeder's right, of his decision and of the grounds on which it is based.

12. Amendment of application.—(1) A person who has made an application under section 7 for the grant of a plant breeder's right, may at any time before such application is published under section 13, add to or alter the description which accompanied his application, or the proposed denomination of the variety in question.

(2) If an application is made for such addition or alteration after the said publication, the registrar may, if he is of the opinion that the addition or alteration is of material importance, direct that the date of the application for the addition or alteration shall be a date not earlier than the date of the relevant application under section 7, or that the date of the application under section 7 shall be a date not later than the date of the application for the addition or alteration, and the registrar shall in either case republish the application under section 7 in amended form.

13. Publication of application.—(1) If the registrar does not reject an application under section 11, he shall by notice in the *Gazette* publish such particulars relating to the application as may be prescribed.

(2) If an application published under subsection (1) is withdrawn before a plant breeder's right in respect thereof is granted or refused in terms of this Act, the registrar shall publish the fact of such withdrawal by notice in the *Gazette*.

14. Grant of provisional protection.—(1) The registrar may, at the request of a person whose application for the grant of a plant breeder's right is to be published under section 13 (1), issue a protective direction to such person in respect of the variety in question.

(2) Such protective direction shall be issued only—

- (a) if the registrar is satisfied that such information, facilities and material as he may require to enable him to consider the application for the grant of a plant breeder's right, have been furnished to him; and
- (b) if the applicant has given a written undertaking to the registrar that, subject to the provisions of subsection (3), he shall not, while the protective direction is in force, sell or consent to sell in the Republic any reproductive material of the variety in question.

(3) (a) The holder of a protective direction shall, notwithstanding an undertaking referred to in subsection (2) (b), be entitled to sell or offer for sale reproductive material of the variety in question for the purposes of multiplication or testing.

(b) All the reproductive material produced, directly or indirectly, during such multiplication or testing, as well as any unused reproductive material, shall become or remain the property of the holder of the protective direction.

15. Effect of provisional protection.—While a protective direction is in force, the variety in respect of which it was issued shall be protected as if a plant breeder's right had been granted in respect thereof, and anything that would constitute an infringement of a plant breeder's right or would be actionable in proceedings by the holder of such right, shall, if it is done with reference to a variety so protected, be actionable.

16. Termination of provisional protection.—(1) A protective direction issued under section 14 shall, subject to the provisions of subsection (2), cease to be of force on the date on which the registrar finally allows or refuses the application for a plant breeder's right in respect of the variety for which the protective direction was issued.

(2) Indien die registrateur 'n aansoek ingevolge subartikel (1) verwerp, stel hy die persoon wat om die toestaan van 'n planttelersreg aansoek gedoen het skriftelik in kennis van sy beslissing en van die gronde waarop dit gebaseer is.

12. Wysiging van aansoek.—(1) Iemand wat ingevolge artikel 7 aansoek gedoen het om die toestaan van 'n planttelersreg, kan te eniger tyd voordat so 'n aansoek ingevolge artikel 13 gepubliseer word, tot die beskrywing wat sy aansoek vergesel het, of die voorgestelde benaming van die betrokke variëteit, byvoeg of dit verander.

(2) Indien 'n aansoek om so 'n byvoeging of verandering na bedoelde publikasie gedoen word, kan die registrateur, indien hy van oordeel is dat die byvoeging of verandering van wesenlike belang is, gelas dat die datum van die aansoek om die byvoeging of verandering 'n datum is wat nie vroeër is as die datum van die betrokke aansoek ingevolge artikel 7 nie, of dat die datum van die aansoek ingevolge artikel 7 'n datum is wat nie later is as die datum van die aansoek om die byvoeging of verandering nie, en die registrateur moet in elke geval die aansoek ingevolge artikel 7 in gewysigde vorm herpubliseer.

13. Publikasie van aansoek.—(1) Indien die registrateur nie 'n aansoek ingevolge artikel 11 verwerp nie, publiseer hy by kennisgewing in die *Staatskoerant* die besonderhede betreffende die aansoek wat voorgeskryf is.

(2) Indien 'n aansoek ingevolge subartikel (1) gepubliseer, teruggetrek word voordat 'n planttelersreg ten opsigte daarvan ingevolge hierdie Wet toegestaan of geweier word, publiseer die registrateur die feit van sodanige terugtrekking by kennisgewing in die *Staatskoerant*.

14. Verlening van voorlopige beskerming.—(1) Die registrateur kan, op versoek van iemand wie se aansoek om die toestaan van 'n planttelersreg ingevolge artikel 13 (1) gepubliseer staan te word, 'n beskermingsbevel ten opsigte van die betrokke variëteit aan so iemand uitreik.

(2) Bedoelde beskermingsbevel word uitgereik slegs—

(a) indien die registrateur oortuig is dat die inligting, fasiliteite en materiaal wat hy nodig het om hom in staat te stel om die aansoek om die toestaan van 'n planttelersreg te oorweeg, aan hom voorsien is; en

(b) indien die applikant 'n skriftelike onderneming aan die registrateur verstrekket dat hy, behoudens die bepaling van subartikel (3), terwyl die beskermingsbevel van krag is, nie enige voortplantingsmateriaal van die betrokke variëteit in die Republiek sal verkoop of tot die verkoop daarvan sal toestem nie.

(3) (a) Die houër van 'n beskermingsbevel is, ondanks 'n in subartikel (2) (b) bedoelde onderneming, geregtig om voortplantingsmateriaal van die betrokke variëteit vir doeleindes van vermeerdering of toetsing te verkoop of vir verkoop aan te bied.

(b) Al die voortplantingsmateriaal wat regstreeks of onregstreeks tydens bedoelde vermeerdering of toetsing voortgebring word, asook enige ongebruikte voortplantingsmateriaal, word of bly die eiendom van die houër van die beskermingsbevel.

15. Uitwerking van voorlopige beskerming.—Terwyl 'n beskermingsbevel van krag is, is die variëteit ten opsigte waarvan dit uitgereik is, beskerm asof 'n planttelersreg ten opsigte daarvan uitgereik is, en enigiets wat 'n skending van 'n planttelersreg sou uitmaak of wat gedingsvatbaar sou wees in verrigtinge deur die houër van so 'n reg, is, indien dit gedoen word met betrekking tot 'n aldus beskermde variëteit, gedingsvatbaar.

16. Beëindiging van voorlopige beskerming.—(1) 'n Beskermingsbevel ingevolge artikel 14 uitgereik, hou, behoudens die bepaling van subartikel (2), op om van krag te wees op die datum waarop die registrateur die aansoek om 'n planttelersreg ten opsigte van die variëteit waarvoor die beskermingsbevel uitgereik is, finaal toestaan of weier.

(2) A protective direction—

- (a) may be withdrawn at an earlier date by the registrar if, in his opinion, circumstances justify the withdrawal; and
- (b) shall be withdrawn at an earlier date by the registrar if he is satisfied that the holder thereof—
 - (i) has failed to fulfil the terms of an undertaking referred to in paragraph (b) of section 14 (2); or
 - (ii) has given an undertaking, whether enforceable by law or not, to another person in terms whereof such holder is deprived of the right to institute an action referred to in section 47, or an action for damages in respect of an infringement of a plant breeder's right.

[Sub-s. (2) substituted by s. 10 of Act No. 5 of 1980.]

17. Objection to grant of plant breeder's right.—(1) Any person may within the prescribed period, in the prescribed manner and on payment of the prescribed fee, lodge an objection with the registrar to the grant of a plant breeder's right in pursuance of an application in terms of section 7.

(2) The applicant may within the prescribed period and in the prescribed manner lodge with the registrar a counter-statement against such objection.

[S. 17 substituted by s. 11 of Act No. 5 of 1980.]

18. Hearing of an objection.—(1) An objection under section 17 shall be heard on the date and at the place and time fixed by the registrar, who shall advise the person objecting and the person who applied for the relevant plant breeder's right, in writing thereof.

(2) The registrar may in his discretion appoint one or more persons who, in his opinion, have experience in the administration of justice or skill in any matter which may be considered at the hearing, to assist and advise him with regard to the hearing of the objection, and the remuneration of any such person shall be as prescribed and shall be borne by the State.

(3) The registrar may, for the purposes of the hearing of an objection—

- (a) summon any person who, in his opinion, may give material information concerning the subject of the hearing or who he believes has in his possession or custody or under his control any document which has any bearing upon the subject of the hearing, to appear before him at a time and place specified in the summons, to be interrogated or to produce that document, and the registrar may retain for examination any document so produced;
- (b) administer an oath to or accept an affirmation from a person called as a witness at the hearing; and
- (c) call any person present at the hearing as a witness and interrogate him and require him to produce any document in his possession or custody or under his control.

(4) The procedure at the hearing of an objection shall be as prescribed.

[Sub-s. (4) substituted by s. 9 of Act No. 15 of 1996.]

(5) The person objecting and the person who applied for the plant breeder's right in question may, if he or she appears before the registrar at the hearing of an objection, be represented by an advocate or an attorney or by a patent agent registered under section 20 of the Patents Act, 1978 (Act 57 of 1978).

[Sub-s. (5) substituted by s. 9 of Act No. 15 of 1996.]

(2) 'n Beskermingsbevel—

- (a) kan op 'n vroeër datum deur die registrateur ingetrek word indien omstandighede dit na sy oordeel regverdig; en
- (b) moet op 'n vroeër datum deur die registrateur ingetrek word indien hy oortuig is dat die houer daarvan—
 - (i) nagelaat het om aan die bepalings van 'n in paragraaf (b) van artikel 14 (2) bedoelde onderneming te voldoen; of
 - (ii) 'n onderneming, hetsy dit regtens afdwingbaar is al dan nie, aan iemand anders gegee het ingevolge waarvan so 'n houer die reg ontnem word om 'n in artikel 47 bedoelde geding, of 'n aksie om skadevergoeding ten opsigte van 'n skending van 'n planttelersreg, in te stel.

[Sub-a. (2) vervang deur a. 10 van Wet No. 5 van 1980.]

17. Beswaar teen toestaan van planttelersreg.—(1) Enigiemand kan binne die voorgeskrewe tyd, op die voorgeskrewe wyse en by betaling van die voorgeskrewe geld 'n beswaar by die registrateur indien teen die toestaan van 'n planttelersreg na aanleiding van 'n aansoek ingevolge artikel 7.

(2) Die applikant kan binne die voorgeskrewe tyd en op die voorgeskrewe wyse by die registrateur 'n teenverklaring teen so 'n beswaar indien.

[A. 17 vervang deur a. 11 van Wet No. 5 van 1980.]

18. Aanhoor van 'n beswaar.—(1) 'n Beswaar ingevolge artikel 17 word aangehoor op die datum, plek en tyd deur die registrateur bepaal, en hy stel die persoon wat beswaar maak en die persoon wat aansoek gedoen het om die betrokke planttelersreg skriftelik daarvan in kennis.

(2) Die registrateur kan na goeddunke een of meer persone aanstel wat, na sy oordeel, ervaring van die regspleging het of bedrewe is in 'n aangeleentheid wat by die verrigtinge oorweeg mag word, om hom behulpsaam te wees en van advies te dien aangaande die aanhoor van die beswaar, en die vergoeding van so 'n persoon is soos voorgeskryf en word deur die Staat betaal.

(3) Die registrateur kan vir doeleindes van die aanhoor van 'n beswaar—

- (a) enigiemand wat, na sy oordeel, wesentlike inligting kan verstrek aangaande die onderwerp van die verrigtinge of wat na hy vermoed 'n stuk wat betrekking het op die onderwerp van die verrigtinge in sy besit of bewaring of onder sy beheer het, dagvaar om op 'n tyd en plek in die dagvaarding vermeld voor hom te verskyn om ondervra te word of om daardie stuk oor te lê, en die registrateur kan 'n stuk wat aldus oorgelê is vir ondersoek behou;
- (b) enigiemand wat by die verrigtinge as 'n getuie opgeroep word, 'n eed oplê of 'n bevestiging van hom aanneem; en
- (c) enigiemand wat by die verrigtinge aanwesig is, as 'n getuie oproep en hom ondervra en hom aansê om enige stuk in sy besit of bewaring of onder sy beheer oor te lê.

(4) Die prosedure by die aanhoor van 'n beswaar is soos voorgeskryf.

[Sub-a. (4) vervang deur a. 9 van Wet No. 15 van 1996.]

(5) Die persoon wat beswaar maak en die persoon wat aansoek gedoen het om die betrokke planttelersreg kan, indien hy of sy voor die registrateur by die aanhoor van 'n beswaar verskyn, deur 'n advokaat of 'n prokureur of deur 'n patentagent geregistreer ingevolge artikel 20 van die Wet op Patente, 1978 (Wet No. 57 van 1978), verteenwoordig word.

[Sub-a. (5) vervang deur a. 9 van Wet No. 15 van 1996.]

(6) The registrar shall, after the hearing of an objection, in writing advise the person objecting and the person who applied for the grant of the relevant plant breeder's right, of his decision and of the grounds on which it is based.

(7) An application in respect of which the registrar upholds an objection shall lapse, and the registrar shall by notice in the *Gazette* publish such particulars relating to the lapsing as may be prescribed.

19. Consideration and examination of applications.—(1) (a) The registrar shall consider every application for the grant of a plant breeder's right published under section 13 (1) and all documents and any other proof submitted to him in connection therewith, in order to ascertain whether the application complies with the requirements of this Act.

(b) Where an objection has been lodged under section 17, or an undertaking or a guarantee is required in terms of subsection (4) (b), the registrar shall delay considering the relevant application until the objection has been disposed of or the required undertaking or guarantee has been furnished.

[Para. (b) substituted by s. 3 (a) of Act No. 38 of 1983.]

(2) The registrar shall, in order to enable him or her to determine whether a variety qualifies for the grant of a plant breeder's right under section 2—

- (a) undertake or cause to be undertaken such tests and trials as he or she may deem necessary with a variety in respect of which an application is being considered under subsection (1); or
- (b) use the results of tests and trials obtained from the appropriate authority in a convention country or an agreement country in terms of an agreement referred to in section 5A.

[Sub-s. (2) substituted by s. 3 (b) of Act No. 38 of 1983 and by s. 10 (a) of Act No. 15 of 1996.]

(3) The person whose application is being considered shall, for the purposes of such tests and trials and at such a time and place as the registrar may determine—

- (a) pay, subject to the provisions of subsection (4), the appropriate prescribed examination fee; and

[Para. (a) substituted by s. 3 (c) of Act No. 38 of 1983.]

- (b) furnish the registrar—
 - (i) with the propagating material which he may require;
 - (ii) with such specimens of plants of the variety or of parts of such plants as he may require; and
 - (iii) with such information in connection with the variety as he may require.

(4) (a) The costs involved in obtaining the results referred to in subsection (2) (b) shall be paid to the registrar by the person whose application is being considered at the time and place determined by the registrar.

(b) The registrar may require that a person whose application for a plant breeder's right is being considered, furnish him with a written undertaking or a suitable guarantee regarding a payment referred to in paragraph (a), before he takes steps to obtain the results of tests and trials with the variety concerned in terms of an agreement referred to in section 5A.

[Sub-s. (4) substituted by s. 12 (a) of Act No. 5 of 1980 and by s. 3 (d) of Act No. 38 of 1983.]

(5) The person whose application for the grant of a plant breeder's right is being considered shall furnish the registrar within 12 months from the lodging of the application with everything required by the registrar at the examination of the application, including, where applicable—

- (a) plant material for the undertaking of tests and trials;

(6) Die registrateur stel na die aanhoor van 'n beswaar die persoon wat beswaar maak en die persoon wat aansoek gedoen het om die verlening van die betrokke planttelersreg skriftelik in kennis van sy beslissing en van die gronde waarop dit gebaseer is.

(7) 'n Aansoek ten opsigte waarvan die registrateur 'n beswaar handhaaf, verval, en die registrateur publiseer by kennisgewing in die *Staatskoerant* die besonderhede betreffende die verval wat voorgeskryf is.

19. Oorweging en ondersoek van aansoeke.—(1) (a) Die registrateur oorweeg elke aansoek om die toestaan van planttelersreg ingevolge artikel 13 (1) gepubliseer en alle dokumente en enige ander bewys wat in verband daarmee aan hom voorgelê is, ten einde te bepaal of die aansoek aan die voorskrifte van hierdie Wet voldoen.

(b) Waar 'n beswaar ingevolge artikel 17 ingedien is, of 'n onderneming of waarborg ingevolge subartikel (4) (b) vereis word, stel die registrateur die oorweging van die betrokke aansoek uit totdat die beswaar afgehandel is of die vereiste onderneming of waarborg voorsien is.

[Par. (b) vervang deur a. 3 (a) van Wet No. 38 van 1983.]

(2) Die registrateur moet, ten einde hom of haar in staat te stel om te bepaal of 'n variëteit ingevolge artikel 2 vir die toestaan van 'n planttelersreg kwalifiseer—

- (a) die toetse en proewe wat hy of sy nodig ag onderneem of laat onderneem met 'n variëteit ten opsigte waarvan 'n aansoek ingevolge subartikel (1) oorweeg word; of
- (b) die resultate van toetse en proewe gebruik wat ingevolge 'n ooreenkoms bedoel in artikel 5A van die toepaslike gesag in 'n konvensieland of 'n ooreenkomsland verkry is.

[Sub-a. (2) vervang deur a. 3 (b) van Wet No. 38 van 1983 en deur a. 10 (a) van Wet No. 15 van 1996.]

(3) Iemand wie se aansoek oorweeg word, moet, vir die doeleindes van bedoelde toetse en proewe en op die tyd en plek wat die registrateur bepaal—

- (a) behoudens die bepalinge van subartikel (4), die toepaslike voorgeskrywe ondersoekgeld betaal; en

[Par. (a) vervang deur a. 3 (c) van Wet No. 38 van 1983.]

- (b) die registrateur voorsien—

- (i) van die voortplantingsmateriaal wat hy nodig het;
- (ii) van die eksemplare van plante van die variëteit of van dele van sulke plante wat hy nodig het; en
- (iii) van die inligting in verband met die variëteit wat hy nodig het.

(4) (a) Die koste verbonde aan die verkryging van die resultate bedoel in subartikel (2) (b) word op die tyd en plek deur die registrateur bepaal, deur die persoon wie se aansoek oorweeg word, aan die registrateur betaal.

(b) Die registrateur kan vereis dat 'n persoon wie se aansoek om 'n planttelersreg oorweeg word, hom van 'n skriftelike onderneming of 'n geskikte waarborg betreffende 'n betaling in paragraaf (a) bedoel, voorsien voordat hy enige stappe doen om die resultate van toetse en proewe met die betrokke variëteit ingevolge 'n ooreenkoms in artikel 5A bedoel, te verkry.

[Sub-a. (4) vervang deur a. 12 (a) van Wet No. 5 van 1980 en deur a. 3 (d) van Wet No. 38 van 1983.]

(5) Iemand wie se aansoek om die toestaan van 'n planttelersreg oorweeg word, moet die registrateur binne 12 maande na die indien van die aansoek voorsien van alles wat die registrateur benodig by die ondersoek van die aansoek, insluitend, waar toepaslik—

- (a) plantmateriaal vir die onderneem van toetse en proewe;

- (b) documents or other proof;
- (c) written undertakings or suitable guarantees for the reimbursement of costs;
- (d) information required by the registrar; and
- (e) any additional plant material, documents, proof, information, undertakings or guarantees required by the registrar in order to enable him or her to do a proper examination.

[Sub-s. (5) substituted by s. 12 (b) of Act No. 5 of 1980, deleted by s. 3 (e) of Act No. 38 of 1983 and added by s. 10 (b) of Act No. 15 of 1996.]

(6) (a) The registrar may in writing on application grant extension from compliance with subsection (5) for a specified period of time.

(b) An application for extension shall be submitted to the registrar in writing and shall set out reasons for the granting of extension.

[Sub-s. (6) substituted by s. 12 (c) of Act No. 5 of 1980, deleted by s. 3 (e) of Act No. 38 of 1983 and added by s. 10 (b) of Act No. 15 of 1996.]

20. Grant of plant breeder's right.—(1) The registrar shall, after considering an application in terms of section 19 and examining the results of any tests or trials conducted with the variety in question, grant a plant breeder's right in respect of a variety if—

- (a) the application conforms to the requirements of this Act;
- (b) the applicant is entitled under this Act to make the application;
- (c) the variety is a variety referred to in section 2 and it conforms to the requirements of this Act; and
- (d) no moneys are due by the applicant in terms of section 19.

[Sub-s. (1) amended by s. 4 of Act No. 38 of 1983 and substituted by s. 11 of Act No. 15 of 1996.]

(2) The registrar shall in respect of each plant breeder's right granted—

- (a) issue a certificate of registration in respect thereof to the person who applied for the grant of the right;
- (b) enter the applicable particulars referred to in section 4 (1) in the register; and
- (c) by notice in the *Gazette* publish such particulars relating to the grant of such right as may be prescribed.

(3) (a) If the registrar refuses the grant of a plant breeder's right, he shall in writing advise the person who applied for the right of his decision and of the grounds on which it is based, and shall, subject to the provisions of paragraph (b), by notice in the *Gazette* publish such particulars relating to the refusal as may be prescribed.

(b) The grounds on which the decision is based shall not be published in the said notice nor be open for inspection except by order of a court.

21. Period of plant breeder's right.—A plant breeder's right shall be granted for a period of—

- (a) 25 years, in the case of vines and trees; and
- (b) 20 years, in all other cases,

calculated from the date on which a certificate of registration is issued under paragraph (a) of section 20 (2).

[S. 21 substituted by s. 13 of Act No. 5 of 1980 and by s. 12 of Act No. 15 of 1996..]

22. Payment of annual fee.—(1) A person to whom a plant breeder's right has been granted shall, during the currency of such right, annually pay to the registrar the annual fee prescribed in respect of such right.

- (b) dokumente of ander bewyse;
- (c) skriftelike ondernemings of geskikte waarborge vir die vergoeding van koste;
- (d) inligting deur die registrateur benodig; en
- (e) enige addisionele plantmateriaal, dokumente, bewyse, inligting, ondernemings of waarborge deur die registrateur benodig ten einde hom of haar in staat te stel om 'n behoorlike ondersoek te doen.

[Sub-a. (5) vervang deur a. 12 (b) van Wet No. 5 van 1980, geskrap deur a. 3 (e) van Wet No. 38 van 1983 en bygevoeg deur a. 10 (b) van Wet No. 15 van 1996.]

(6) (a) Die registrateur kan die nakoming van subartikel (5) op aansoek skriftelik uitstel vir 'n bepaalde tydperk.

(b) 'n Aansoek om uitstel word skriftelik aan die registrateur gerig en moet redes vir die verlening van uitstel uiteensit.

[Sub-a. (6) vervang deur a. 12 (c) van Wet No. 5 van 1980, geskrap deur a. 3 (e) van Wet No. 38 van 1983 en bygevoeg deur a. 10 (b) van Wet No. 15 van 1996.]

20. Toestaan van planttelersreg.—(1) Die registrateur staan 'n planttelersreg ten opsigte van 'n variëteit toe na oorweging van 'n aansoek ingevolge artikel 19 en die nagaan van die resultate van enige toetse of proewe met die betrokke variëteit gedoen, indien—

- (a) die aansoek aan die voorskrifte van hierdie Wet voldoen;
- (b) die applikant ingevolge hierdie Wet geregtig is om aansoek te doen;
- (c) die variëteit 'n variëteit bedoel in artikel 2 is en aan die voorskrifte van hierdie Wet voldoen; en
- (d) geen gelde ingevolge artikel 19 deur die applikant verskuldig is nie.

[Sub-a. (1) gewysig deur a. 4 van Wet No. 38 van 1983 en vervang deur a. 11 van Wet No. 15 van 1996.]

(2) Die registrateur moet ten opsigte van elke planttelersreg wat toegestaan word—

- (a) 'n sertifikaat van registrasie ten opsigte daarvan uitreik aan die persoon wat om die toestaan van die reg aansoek gedoen het;
- (b) die toepaslike besonderhede bedoel in artikel 4 (1) in die register aanteken; en
- (c) die besonderhede betreffende die toestaan van so 'n reg wat voorgeskryf is, by kennisgewing in die *Staatskoerant* publiseer.

(3) (a) Indien die registrateur die toestaan van 'n planttelersreg weier, moet hy die persoon wat om die reg aansoek gedoen het skriftelik in kennis stel van sy beslissing en van die gronde waarop dit gebaseer is, en moet hy, behoudens die bepalings van paragraaf (b), die besonderhede betreffende die weiering wat voorgeskryf is, by kennisgewing in die *Staatskoerant* publiseer.

(b) Die gronde waarop die beslissing gebaseer is, word nie in bedoelde kennisgewing gepubliseer nie en lê nie ter insae nie, behalwe op bevel van 'n hof.

21. Termyn van planttelersreg.—'n Planttelersreg word toegestaan vir 'n termyn van—

- (a) 25 jaar, in die geval van rankplante en bome; en
- (b) 20 jaar, in alle ander gevalle,

bereken vanaf die datum waarop 'n sertifikaat van registrasie ingevolge paragraaf (a) van artikel 20 (2) uitgereik word.

[A. 21 vervang deur a. 13 van Wet No. 5 van 1980 en deur a. 12 van Wet No. 15 van 1996.]

22. Betaling van jaargeld.—(1) Iemand aan wie 'n planttelersreg verleen is, betaal jaarliks gedurende die geldigheidstermyn van so 'n reg aan die registrateur die jaargeld wat ten opsigte van so 'n reg voorgeskryf is.

(2) (a) The first such annual fee shall be payable on or before 1 January of the year following the date on which a plant breeder's right is granted, and any subsequent annual fee shall be paid before 1 January of each year.

(b) The registrar shall, subject to the payment of such additional fees as may be prescribed, upon application extend the time for the payment of an annual fee for a period not exceeding 6 months or for periods the aggregate of which does not exceed 6 months.

23. Rights of holder of plant breeder's right.—(1) The effect of the protection given under this Act by the grant of a plant breeder's right shall be that prior authority shall during the currency of the plant breeder's right be obtained by way of licence under section 25 or 27 by any person intending to undertake—

- (a) production or reproduction (multiplication);
- (b) conditioning for the purpose of propagation;
- (c) sale or any other form of marketing;
- (d) exporting;
- (e) importing;
- (f) stocking for any of the purposes referred to in paragraphs (a) to (e),

of—

- (i) propagating material for the relevant variety; or
- (ii) harvested material, including plants, which was obtained through the unauthorised use of propagating material of the relevant variety.

(2) The Minister may by notice in the *Gazette* extend the effect of the protection contemplated in subsection (1) to products made directly from harvested material contemplated in subsection (1) (ii).

(3) The provisions of subsections (1) and (2) shall not apply if the breeder has had reasonable opportunity to exercise his or her right in respect of the propagating material of the protected variety.

(4) (a) The provisions of subsections (1), (2) and (3) shall also apply to varieties—

- (i) which are essentially derived from the protected variety, where the protected variety is not itself an essentially derived variety;
- (ii) which are not distinguishable from the protected variety as contemplated in section 2 (2) (b); or
- (iii) the production of which requires the repeated use of the protected variety.

(b) For the purposes of paragraph (a) (i) a variety shall be deemed to be essentially derived from another variety if—

- (i) it is predominantly derived from that other variety, or from a variety that is itself predominantly derived from that other variety, while retaining the essential characteristics of that other variety; and
- (ii) it is clearly distinguishable from that other variety; and
- (iii) except for the differences which result from the process of derivation, it conforms to that other variety in respect of the essential characteristics.

(2) (a) Die eerste sodanige jaargeld is betaalbaar op of voor 1 Januarie van die jaar wat volg op die datum waarop 'n planttelersreg verleen word, en 'n daaropvolgende jaargeld is voor 1 Januarie van elke jaar betaalbaar.

(b) Behoudens die betaling van die addisionele gelde wat voorgeskryf is, verleng die registrateur op aansoek die tyd vir die betaling van 'n jaargeld vir 'n tydperk van hoogstens 6 maande of vir tydperke waarvan die totaal nie 6 maande te bowe gaan nie.

23. Regte van houer van planttelersreg.—(1) Die uitwerking van die beskerming wat ingevolge hierdie Wet deur die toestaan van 'n planttelersreg verleen word, is dat voorafgaande magtiging gedurende die termyn van die planttelersreg by wyse van 'n lisensie ingevolge artikel 25 of 27 verkry moet word deur iemand wat beoog om die—

- (a) produksie of reproduksie (vermeerdering);
- (b) voorbereiding vir die doeleinde van voortplanting;
- (c) verkoop of enige ander wyse van bemarking;
- (d) uitvoer;
- (e) invoer;
- (f) bevoorrading vir enige van die doeleinde bedoel in paragrawe (a) tot (e),

van—

- (i) voortplantingsmateriaal van die betrokke variëteit; of
- (ii) geoeste materiaal, met inbegrip van plante, wat verkry is deur die ongeoorloofde gebruik van voortplantingsmateriaal van die betrokke variëteit,

te onderneem.

(2) Die Minister kan by kennisgewing in die *Staatskoerant* die uitwerking van die beskerming in subartikel (1) beoog, uitbrei na produkte wat regstreeks vervaardig word van geoeste materiaal beoog in subartikel (1) (ii).

(3) Die bepalinge van subartikels (1) en (2) is nie van toepassing nie indien die teler redelike geleentheid gehad het om sy of haar reg ten aansien van voortplantingsmateriaal van die beskermde variëteit uit te oefen.

(4) (a) Die bepalinge van subartikels (1), (2) en (3) is ook van toepassing op variëteite—

- (i) wat wesenlik afstam van die beskermde variëteit, waar die beskermde variëteit nie self 'n wesenlik afgestamde variëteit is nie;
- (ii) wat nie van die beskermde variëteit onderskeibaar is nie soos beoog in artikel 2 (2) (b); of
- (iii) waarvan die produksie die herhaalde gebruik van die beskermde variëteit vereis.

(b) Vir die doeleinde van paragraaf (a) (i) word 'n variëteit geag wesenlik van 'n ander variëteit af te stam, indien—

- (i) dit oorwegend afstam van daardie ander variëteit, of van 'n variëteit wat op sigself oorwegend afstam van daardie ander variëteit, met behoud van die kenmerkende eienskappe van daardie ander variëteit; en
- (ii) dit duidelik onderskeibaar is van daardie ander variëteit; en
- (iii) dit, afgesien van die verskille wat deur die proses van afstamming veroorsaak word, met daardie ander variëteit ooreenstem wat betref die kenmerkende eienskappe.

(5) Notwithstanding the provisions of subsection (1), the holder of a plant breeder's right shall during the period which the Minister may prescribe as a period for the exercise of sole rights in terms of section 25 (4) in respect of the kind of plant to which such a variety belongs, have the sole right to undertake with regard to the relevant variety any activity referred to in subsection (1) or to have such activity undertaken by any other person.

(6) Notwithstanding the provisions of section 23A (a), a person who procured any propagating material of a variety in a legitimate manner shall not infringe the plant breeder's right in respect of the variety if he or she—

- (a) resells that propagating material;
- (b) subject to the provisions of subsection (2), sells any plant, reproductive material or product derived from that propagating material for purposes other than the further propagation or multiplication thereof;
- (c) uses or multiplies that propagating material in the development of a different variety;
- (d) uses that propagating material for purposes of *bona fide* research;
- (e) uses that propagating material for private or non-commercial purposes; or
- (f) is a farmer who on land occupied by him or her uses harvested material obtained on such land from that propagating material for purposes of propagation: Provided that harvested material obtained from the replanted propagating material shall not be used for purposes of propagation by any person other than that farmer.

(7) Notwithstanding the provisions of subsection (6) (b), an ornamental plant in respect of which a plant breeder's right has been granted and any part thereof which is normally sold for purposes other than multiplication thereof, shall enjoy the protection of such right when it is used commercially as propagating material in the production of such ornamental plant or of a cut flower.

(8) A notice in terms of subsection (2) shall, in any case where the holder of the plant breeder's right in question is a citizen of, or is domiciled in, a convention country or an agreement country or, in the case of a juristic person, has a registered office in a convention country or an agreement country, be issued only if such holder can in terms of the laws of such country obtain corresponding protection in that country.

[S. 23 amended by s. 14 of Act No. 5 of 1980 and by ss. 46 and 47 of Act No. 97 of 1986 and substituted by s. 13 of Act No. 15 of 1996.]

23A. Infringement of plant breeder's right.—A plant breeder's right shall be infringed by any person who—

- (a) not being the holder of the plant breeder's right, performs, or causes to be performed, an act contemplated in section 23 (1) without a licence obtained under section 25 or 27;
- (b) has obtained a licence under section 25 or 27 but fails to comply with any term or condition thereof;
- (c) uses the approved denomination of a protected variety in relation to plants or propagating material of any other variety for any purpose whatsoever; and
- (d) sells plants or propagating material of a protected variety under any other denomination than the approved denomination of that variety.

[S. 23A inserted by s. 15 of Act No. 15 of 1996.]

24. Maintenance of reproductive material.—(1) The holder of a plant breeder's right shall ensure that he is in a position during the currency of the right—

(5) Ondanks die bepalings van subartikel (1) het die houer van 'n planttelersreg, gedurende die tydperk wat die Minister voorskryf as 'n tydperk vir die uitoefening van alleenreg ingevolge artikel 25 (4) ten opsigte van die soort plant waartoe so 'n variëteit behoort, die alleenreg om met betrekking tot die betrokke variëteit 'n aktiwiteit in subartikel (1) bedoel, te onderneem of so 'n aktiwiteit deur iemand anders te laat onderneem.

(6) Ondanks die bepalings van artikel 23A (a) skend iemand wat enige voortplantingsmateriaal van 'n variëteit op 'n regmatige wyse verkry het, nie die planttelersreg ten opsigte van die variëteit nie indien hy of sy—

- (a) daardie voortplantingsmateriaal herverkoop;
- (b) behoudens die bepalings van subartikel (2), enige plant, reprodktiewe materiaal of 'n produk van daardie voortplantingsmateriaal verkry, verkoop vir ander doeleindes as die verdere voortplanting of vermeerdering daarvan;
- (c) daardie voortplantingsmateriaal gebruik of vermeerder in die ontwikkeling van 'n ander variëteit;
- (d) daardie voortplantingsmateriaal gebruik vir *bona fide*-navorsingsdoeleindes;
- (e) daardie voortplantingsmateriaal gebruik vir private of nie-kommerisële doeleindes; of
- (f) 'n boer is wat op grond wat deur hom of haar geokkupeer word geoeste materiaal wat op dié grond van daardie voortplantingsmateriaal verkry is vir doeleindes van voortplanting gebruik: Met dien verstande dat geoeste materiaal wat van die herplante voortplantingsmateriaal verkry word nie vir doeleindes van voortplanting gebruik word nie deur enige ander persoon as daardie boer.

(7) Ondanks die bepalings van subartikel (6) (b) geniet 'n sierplant ten opsigte waarvan 'n planttelersreg verleen is en enige deel daarvan wat normaalweg verkoop word vir ander doeleindes as die vermeerdering daarvan, die beskerming van daardie reg wanneer dit kommersieel gebruik word as voortplantingsmateriaal by die voortbrenging van so 'n sierplant of van 'n snyblom.

(8) 'n Kennisgewing ingevolge subartikel (2) word, in 'n geval waar die houer van die betrokke planttelersreg 'n burger is van, of gedomisilieer is in 'n konvensieland of 'n ooreenkomsland of, in die geval van 'n regs persoon, 'n geregistreerde kantoor in 'n konvensieland of 'n ooreenkomsland het, uitgereik slegs indien sodanige houer ingevolge die wette van bedoelde land ooreenstemmende beskerming in daardie land kan bekom.

[A. 23 gewysig deur a. 14 van Wet No. 5 van 1980 en deur aa. 46 en 47 van Wet No. 97 van 1986 en vervang deur a. 13 van Wet No. 15 van 1996.]

23A. Skending van planttelersreg.—'n Planttelersreg word geskend deur iemand wat—

- (a) nie die houer van die planttelersreg is nie en wat sonder 'n lisensie verkry kragtens artikel 25 of 27, 'n handeling beoog in artikel 23 (1) verrig of laat verrig;
- (b) 'n lisensie verkry het kragtens artikel 25 of 27, maar versuim om aan 'n bepaling of voorwaarde van die lisensie te voldoen;
- (c) die goedgekeurde benaming van 'n beskermde variëteit vir watter doel ook al met betrekking tot plante of voortplantingsmateriaal van enige ander variëteit gebruik; en
- (d) plante of voortplantingsmateriaal van 'n beskermde variëteit onder 'n ander benaming as die goedgekeurde benaming van daardie variëteit verkoop.

[A. 23A ingevoeg deur a. 14 van Wet No. 15 van 1996.]

24. Instandhouding van voortplantingsmateriaal.—(1) Die houer van 'n planttelersreg moet verseker dat hy gedurende die termyn van die reg in staat is—

- (a) to furnish the registrar on request with propagating material of the variety in respect of which the right was granted and which is capable of reproducing the said variety in such a manner that the characteristics thereof correspond with those described at the time of the grant of the relevant right;

[Para. (a) substituted by s. 15 of Act No. 5 of 1980.]

- (b) on request to give to the registrar the information and to accord him the facilities deemed necessary by him to satisfy himself that such holder is maintaining propagating material which conforms to the requirements referred to in paragraph (a).

(2) The registrar may undertake any inspection in connection with any matter referred to in subsection (1) which he may deem necessary.

24A. Power to enter premises, carry out inspections, take samples and seize certain articles.—(1) The registrar, an officer in the department or a person referred to in section 3 (3) (a) may, on the authority of a warrant issued under subsection (3), at any reasonable time—

- (a) enter and inspect any place, premises or vehicle in or upon which any plant, propagating material, substance or other article in respect of which this Act applies, is or is upon reasonable grounds suspected to be produced, reproduced, bred, cultivated, processed, treated, prepared, tested, examined, analysed, classified, prepackaged, marked, labelled, held, kept, packed, removed, transported, exhibited or sold;
- (b) direct a person in control of or employed at such place, premises or vehicle to—
- (i) deliver any book, record or other document that pertains to that plant, propagating material, substance or other article and which is in the possession or under the control of that person;
 - (ii) furnish such information as he or she has with regard to that plant, propagating material, substance or other article;
 - (iii) render such assistance as the registrar, officer or person requires to enable him or her to perform his or her functions in terms of this Act;
- (c) inspect any book, record or other document and make copies thereof or excerpts therefrom;
- (d) seize any plant, propagating material, substance, book, record or other document or article which is or may be relevant to a prosecution under this Act and keep it in his or her custody: Provided that the person from whose possession or control any book, record or document has been taken, may, at his or her own expense and under the supervision of the registrar, officer or person concerned make copies thereof or excerpts therefrom;
- (e) take samples of any plant, propagating material, substance or other article used or intended for use in the production, reproduction, breeding, cultivation, processing, treatment, preparation, testing, examining, analysing, classification, prepackaging, marking, labelling, holding, keeping, packing, removal, transport, exhibition or sale thereof, and of any plant, propagating material, substance or other article seized in terms of paragraph (d), and examine, analyse or classify such samples.

(2) Any sample taken in terms of subsection (1) (e) or (6)—

- (a) shall consist of the quantity or mass determined by the registrar, taken in accordance with the methods determined by him or her;

- (a) om die registrateur op aanvraag te voorsien van voortplantingsmateriaal van die variëteit ten opsigte waarvan die reg toegestaan is en wat geskik is om bedoelde variëteit op so 'n wyse te reproduseer dat die eienskappe daarvan ooreenkom met dié wat ten tyde van die toestaan van die betrokke reg beskryf is;

[Par. (a) vervang deur a. 15 van Wet No. 5 van 1980.]

- (b) om op versoek aan die registrateur die inligting en fasiliteite te verskaf wat hy nodig ag om homself te oortuig dat sodanige houer voortplantingsmateriaal in stand hou wat aan die in paragraaf (a) bedoelde vereistes voldoen.

(2) Die registrateur kan 'n inspeksie wat hy nodig ag, onderneem in verband met 'n in subartikel (1) bedoelde aangeleentheid.

24A. Bevoegdheid om perseel te betree, ondersoek in te stel, monsters te neem en beslag te lê op sekere voorwerpe.—(1) Die registrateur, 'n beamppte in die departement of 'n persoon bedoel in artikel 3 (3) (a) kan te enige redelike tyd, op gesag van 'n lasbrief ingevolge subartikel (3) uitgereik—

- (a) 'n plek, perseel of voertuig betree en inspekteer waarin of waarop of waarin of waarop op redelike gronde vermoed word, 'n plant, voortplantingsmateriaal, stof of ander voorwerp ten opsigte waarvan hierdie Wet van toepassing is, geproduseer, gereproduseer, geteel, gekweek, verwerk, behandel, berei, getoets, ondersoek, ontleed, geklassifiseer, voorafverpak, gemerk, geëtiketteer, gehou, aangehou, verpak, verwyder, vervoer, uitgestal of verkoop word;
- (b) 'n persoon in beheer van of in diens by sodanige plek, perseel of voertuig gelas om—
- (b) the amendment of any document for the amendment of which no express provision is made in this Act;
- (c) the condonation or correction of any irregularity in procedure in any proceedings before him, if such condonation or correction is not detrimental to the interests of any person.

(2) The registrar may exercise the authority under subsection (1) *mero motu* or upon request in writing.

(3) Where the registrar intends exercising his authority under subsection (1) *mero motu*, he shall give notice of his intention to the holder of the plant breeder's right or the applicant for such right, as the case may be, and to any other person who appears to him to have an interest in the matter, and shall give such holder, applicant or person an opportunity of being heard before exercising his authority.

37. Discretionary power of registrar.—(1) (a) Whenever any discretionary power is given to the registrar by this Act he shall not exercise that power in a manner adverse to an applicant or an objector or other person who according to the register appears to be an interested party, without giving such applicant, objector or interested person an opportunity of being heard within the time prescribed or, if no time has been prescribed, within such reasonable period as shall be fixed by the registrar.

(b) An applicant, objector or other interested person referred to in paragraph (a) may waive the right to be heard.

(2) Whenever by this Act any time is specified within which any act or thing is to be done, the registrar may, save where it is expressly otherwise provided, extend the time either before or after its expiration.

38. Defect in form not to invalidate documents.—A defect in the form of any document which is in terms of any law required to be executed in a specific manner, or in a notice issued in terms of this Act, shall not render unlawful an administrative action executed in respect of the matter to which such document or notice relates, and shall not be a ground for exception to any legal procedure which may be taken in respect of such matter, if the requirements and meaning thereof are substantially and intelligibly set forth.

34. Vrywillige afstand van planttelersreg.—(1) Die houer van 'n planttelersreg kan die registrateur te eniger tyd op die voorgeskrewe wyse en by betaling van die voorgeskrewe geld in kennis stel dat hy afstand doen van so 'n reg, en so 'n houer voorsien die registrateur van bewys dat 'n afskrif van so 'n kennisgewing aan elke persoon wat met betrekking tot daardie reg gelisensieer is en aan elke ander belanghebbende persoon beteken is.

(2) Die registrateur publiseer by kennisgewing in die *Staatskoerant* die besonderhede betreffende die afstand wat voorgeskryf is.

35. Merk van etikette of houers.—(1) Indien voortplantingsmateriaal van 'n variëteit ten opsigte waarvan 'n planttelersreg toegestaan is, vir doeleindes van voortplanting verkoop word, moet die benaming van daardie variëteit duidelik en leesbaar verskyn op 'n etiket daaraan geheg, of, indien dit verpak word, op die houer.

(2) Indien 'n merk tesame met die benaming van die betrokke variëteit gebruik word, moet sodanige merk en benaming duidelik onderskeibaar wees.

[Sub-a. (2) bygevoeg by a. 22 van Wet No. 5 van 1980.]

36. Verbetering van foute.—(1) Die registrateur kan magtiging verleen vir—

- (a) die verbetering van 'n klerklike fout of vertaalfout wat voorkom in 'n planttelersreg, die aansoek om so 'n reg, 'n dokument ingevolge so 'n aansoek ingedien of die register;
- (b) die wysiging van enige dokument vir die wysiging waarvan in hierdie Wet geen uitdruklike voorsiening gemaak is nie;
- (c) die kondonasië of verbetering van 'n onreëlmatigheid in die prosedure in verrigtinge voor hom, indien so 'n kondonasië of verbetering nie vir iemand se belange nadelig is nie.

(2) Die registrateur kan die bevoegdheid ingevolge subartikel (1) *mero motu* of op skriftelike versoek uitoefen.

(3) Waar die registrateur voornemens is om sy bevoegdheid ingevolge subartikel (1) *mero motu* uit te oefen, gee hy kennis van sy voorneme aan die houer van die planttelersreg of die applikant om so 'n reg, na gelang van die geval, en aan enige ander persoon wat na sy oordeel belang by die aangeleentheid het, en gee hy aan so 'n houer, applikant of persoon die geleentheid om aangehoor te word voordat hy sy bevoegdheid uitoefen.

37. Diskresionêre bevoegdheid van registrateur.—(1) (a) Waar 'n diskresionêre bevoegdheid ingevolge hierdie Wet aan die registrateur verleen word, oefen hy nie daardie bevoegdheid ten nadele van 'n applikant of 'n beswaarmaker of 'n ander persoon wat volgens die register blyk 'n belanghebbende party te wees, uit nie sonder dat hy aan so 'n applikant, beswaarmaker of ander belanghebbende persoon 'n geleentheid gegee het om binne die voorgeskrewe tyd of, indien 'n tyd nie voorgeskryf is nie, binne die redelike tyd wat die registrateur bepaal, aangehoor te word.

(b) 'n In paragraaf (a) bedoelde applikant, beswaarmaker of ander belanghebbende persoon kan afstand doen van die reg om aangehoor te word.

(2) Waar 'n tydperk ingevolge hierdie Wet vasgestel is waarbinne 'n handeling verrig of enigiets gedoen moet word, kan die registrateur, behalwe waar dit uitdruklik anders bepaal word, die tydperk voor of na die verstryking daarvan verleng.

38. Vormgebrek maak dokumente nie ongeldig nie.—'n Vormgebrek in 'n dokument wat ingevolge 'n wet op 'n besondere wyse verly moet word, of in 'n kennisgewing kragtens hierdie Wet uitgereik, maak nie 'n administratiewe handeling wat verrig word ten opsigte van die saak waarop die dokument of kennisgewing betrekking het ongeldig nie, en is nie 'n grond vir eksepsie teen enige regsprosedure wat ten opsigte van so 'n saak ingestel word nie, indien die vereistes en betekenis daarvan wesenlik en verstaanbaar uiteengesit is.

39. Preservation and proof of documents.—(1) All documents lodged with the registrar in connection with plant breeders' rights and any application for such rights shall, subject to the provisions of subsection (3), be preserved for the prescribed period.

(2) Any document referred to in subsection (1) which in the opinion of the registrar may lie for inspection by the public, shall upon payment of the prescribed fees be open for inspection during office hours at the office of the registrar, and copies thereof shall on request and upon payment of the prescribed fees be furnished to any person.

(3) Where an application for the grant of a plant breeder's right has been withdrawn, the registrar shall return all the papers submitted in connection with the application, to the applicant at the address indicated in the application or, if this is not practicable, destroy them after expiry of the prescribed period.

(4) The provisions of section 5 (3) shall *mutatis mutandis* apply with reference to all documents lodged with the registrar.

40. Secrecy.—(1) No person shall, except—

- (a) in so far as it is necessary for the proper application of the provision of this Act; or
- (b) for purposes of legal proceedings under this Act or any other law; or
- (c) when required to do so by any court or under any law; or
- (d) when authorized thereto by the Minister,

disclose any information acquired by him or her in the exercising of his or her powers or the performance of his or her duties in terms of this Act.

(2) Notwithstanding the provisions of subsection (1), the registrar may furnish to the holder of a plant breeder's right or to the person to whom a licence was granted under section 25, any information he or she has acquired pertaining to any action which constitutes an infringement of the plant breeder's right in question.

[S. 40 amended by s. 23 of Act No. 5 of 1980 and substituted by s. 5 of Act No. 38 of 1983 and by s. 22 of Act No. 15 of 1996.]

41.

[S. 41 repealed by s. 24 of Act No. 5 of 1980.]

42. Appeal against decision or action of the registrar.—(1) A person who feels aggrieved by any decision or action taken by the registrar in terms of this Act may, within the period and in the manner prescribed and upon payment of the prescribed fees, appeal to the Minister against the decision or action in question.

(2) (a) The Minister shall refer the appeal for investigation and decision to a board the members of which shall be appointed by the Minister and which shall consist of—

- (i) one person designated as chairman on account of his knowledge of law;
- (ii) two persons who in the opinion of the Minister have expert knowledge of the subject of the appeal.

(b) A person appointed under subparagraph (ii) of paragraph (a) shall be disqualified as a member of the board if he has any direct or indirect personal interest in the outcome of the appeal.

(3) (a) An appeal under subsection (1) shall be heard on the date and at the time and place fixed by the chairperson and he or she shall advise the person appealing and any other party that has an interest in the appeal, in writing thereof.

(b) The chairperson may, for the purposes of the hearing of an appeal—

39. Bewaring en bewys van dokumente.—(1) Alle dokumente betreffende planttelersregte by die registrateur ingedien en elke aansoek om sodanige regte word, behoudens die bepaling van subartikel (3), vir die voorgeskrewe tydperk bewaar.

(2) 'n In subartikel (1) bedoelde dokument wat na die oordeel van die registrateur ter insae van die publiek kan lê, is by betaling van die voorgeskrewe gelde gedurende kantoorure vir ondersoek ter insae by die kantoor van die registrateur, en afskrifte daarvan word op versoek en by betaling van die voorgeskrewe gelde aan enigiemand verstrekk.

(3) Waar 'n aansoek om die toestaan van 'n planttelersreg teruggetrek is, moet die registrateur al die stukke in verband met die aansoek ingedien, aan die applikant terugstuur by die adres in die aansoek aangegee of, as dit nie doenlik is nie, na verstryking van die voorgeskrewe tydperk vernietig.

(4) Die bepaling van artikel 5 (3) is *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot alle dokumente by die registrateur ingedien.

40. Geheimhouding.—(1) Niemand mag, behalwe—

- (a) vir sover dit vir die behoorlike toepassing van die bepaling van hierdie Wet nodig is; of
- (b) vir doeleindes van geregtelike verrigtinge kragtens hierdie Wet of enige ander wet; of
- (c) wanneer deur 'n hof of ingevolge 'n wet daartoe gelas; of
- (d) wanneer deur die Minister daartoe gemagtig;

enige inligting bekend maak nie wat deur hom of haar verkry is in die uitoefening van sy of haar bevoegdhede of die verrigting van sy of haar pligte ingevolge hierdie Wet.

(2) Ondanks die bepaling van subartikel (1) kan die registrateur aan die houër van 'n planttelersreg of aan iemand aan wie 'n lisensie toegestaan is kragtens artikel 25, inligting verstrekk wat hy of sy verkry het aangaande 'n handeling wat 'n skending van die betrokke planttelersreg uitmaak.

[A. 40 gewysig deur a. 23 van Wet No. 5 van 1980 en vervang deur a. 5 van Wet No. 38 van 1983 en deur a. 22 van Wet No. 15 van 1996.]

41.

[A. 41 herroep deur a. 24 van Wet No. 5 van 1980.]

42. Appèl teen beslissing van of stappe deur registrateur.—(1) Iemand wat veronreg voel deur 'n beslissing van of stappe gedoen deur die registrateur ingevolge hierdie Wet, kan binne die tydperk en op die wyse wat voorgeskryf is en by betaling van die voorgeskrewe gelde, by die Minister appèl teen die betrokke beslissing of stappe aanteken.

(2) (a) Die Minister verwys die appèl vir ondersoek en beslissing na 'n raad waarvan die lede deur die Minister aangestel word en wat bestaan uit—

- (i) een persoon wat weens sy regs-kennis as voorsitter aangewys word;
- (ii) twee persone wat na die oordeel van die Minister deskundige kennis dra van die onderwerp van die appèl.

(b) Iemand ingevolge subparagraaf (ii) van paragraaf (a) aangestel, is onbevoeg om lid van die raad te wees indien hy 'n regstreekse of onregstreekse persoonlike belang by die uitslag van die appèl het.

(3) (a) 'n Appèl kragtens subartikel (1) word aangehoor op die datum, tyd en plek deur die voorsitter bepaal en hy of sy stel die persoon wat appèl aanteken en enige ander party wat 'n belang het by die appèl skriftelik daarvan in kennis.

(b) Die voorsitter kan vir die doeleindes van die aanhoor van 'n appèl—

- (i) summon any person who may give material information concerning the subject of the hearing or who has in his or her possession or custody or under his or her control any document which has any bearing upon the subject of the hearing, to appear before him or her at a time and place specified in the summons, to be interrogated or to produce that document, and the registrar may retain for examination any document so produced;
 - (ii) administer an oath to or accept an affirmation from any person called as a witness at the hearing; and
 - (iii) call any person present at the hearing as a witness and interrogate him or her and require him or her to produce any document in his or her possession or custody or under his or her control.
- (c) The procedure at the hearing of an appeal shall be as prescribed.

(d) The person appealing and the registrar shall be entitled to be represented at an appeal by an advocate or an attorney or by a patent agent registered under section 20 of the Patents Act, 1978 (Act No. 57 of 1978).

[Sub-s. (3) substituted by s. 23 of Act No. 15 of 1996.]

(4) If a person appointed under subsection (2) (a)—

- (a) dies during the investigation of the appeal or so soon before the commencement of the investigation that the vacancy cannot be filled in time;
- (b) is unable to act and another person cannot be appointed in time; or
- (c) is, after the investigation has commenced, unable to continue therewith,

the parties may agree that the investigation be continued by the remaining members, in which event, where the member who has died or has become incapacitated was or is the chairman of the board, the Minister shall designate one of the remaining members to act as chairman.

(5) (a) If the parties do not agree under subsection (4), the investigation shall be adjourned in order that the Minister may appoint a member, in accordance with the requirements of subsection (2) (a), in the place of the member who has died or has become incapacitated.

(b) Where an appointment has been made under paragraph (a), the investigation shall, if the parties so agree, be continued as from the stage at which the investigation was interrupted by the death or incapacitation of a member, or shall, if the parties do not so agree, be commenced *de novo*.

(6) The board may after investigation of the appeal—

- (a) confirm, set aside or vary the relevant decision or action of the registrar;
- (b) order the registrar to execute the decision of the board in connection therewith.

(7) (a) The decision of the board shall be in writing, and a copy thereof shall be furnished to the registrar, the appellant and any other party.

(b)

[Para. (b) deleted by s. 59 of Act No. 88 of 1996.]

(8) If the board sets aside any decision or action by the registrar, the prescribed fees paid by the appellant in respect of the appeal in question shall be refunded to him, or, if the board varies any such decision or action, it may in its discretion direct that the whole or any part of such fees be refunded to the appellant.

43.

[S. 43 repealed by s. 24 of Act No. 15 of 1996.]

- (i) enigiemand wat wesenlike inligting kan verstrek aangaande die onderwerp van die verrigtinge of wat 'n stuk wat betrekking het op die onderwerp van die verrigtinge in sy of haar besit of bewaring of onder sy of haar beheer het, dagvaar om op 'n tyd en plek in die dagvaarding vermeld voor hom of haar te verskyn om ondervra te word, of om daardie stuk voor te lê, en die registrateur kan 'n stuk wat aldus voorgelê is vir ondersoek behou;
 - (ii) enigiemand wat by die verrigtinge as 'n getuie opgeroep word, 'n eed oplê of 'n bevestiging van hom of haar aanneem; en
 - (iii) enigiemand wat by die verrigtinge aanwesig is, as 'n getuie roep en hom of haar ondervra en hom of haar aansê om enige stuk in sy of haar besit of bewaring of onder sy of haar beheer voor te lê.
- (c) Die prosedure by die aanhoor van 'n appèl is soos voorgeskryf.
- (d) Die persoon wat appèl aanteken en die registrateur is geregtig om by 'n appèl verteenwoordig te word deur 'n advokaat of 'n prokureur of deur 'n patentagent wat ingevolge artikel 20 van die Wet op Patente, 1978 (Wet 57 van 1978), geregistreer is.

[Sub-a. (3) vervang deur a. 23 van Wet No. 15 van 1996.]

- (4) Indien 'n persoon ingevolge subartikel (2) (a) aangestel—
- (a) te sterwe kom tydens die ondersoek van die appèl of so kort voor die aanvang van die ondersoek dat die vakature nie betyds gevul kan word nie;
 - (b) nie in staat is om op te tree nie en 'n ander persoon nie betyds aangestel kan word nie; of
 - (c) nie in staat is, nadat die ondersoek begin het, om daarmee voort te gaan nie,
- kan die partye ooreenkom dat die ondersoek deur die oorblywende lede voortgesit word, in welke geval, waar die lid wat oorlede is of onbekwaam geword het die voorsitter was of is, die Minister een van die oorblywende lede aanwys om as voorsitter op te tree.

(5) (a) Indien die partye nie ingevolge subartikel (4) ooreenkom nie, word die ondersoek verdaag sodat die Minister, ooreenkomstig die voorskrifte van subartikel (2) (a), 'n lid kan aanstel in die plek van die lid wat oorlede is of onbekwaam geword het.

(b) Waar 'n aanstelling ingevolge paragraaf (a) gemaak word, word die ondersoek, indien die partye aldus ooreenkom, voortgesit vanaf die stadium waarop die ondersoek onderbreek is deur die dood of onbekwaamheid van 'n lid, of word dit, indien die partye nie aldus ooreenkom nie, *de novo* begin.

- (6) Die raad kan na ondersoek van die appèl—
- (a) die betrokke beslissing of stappe van die registrateur bevestig, tersyde stel of verander;
 - (b) die registrateur gelas om uitvoering te gee aan die raad se beslissing in verband daarmee.
- (7) (a) Die beslissing van die raad moet op skrif wees, en 'n afskrif daarvan word aan die registrateur, die appellant en enige ander party verstrek.

(b)

[Par. (b) geskrap deur a. 59 van Wet No. 88 van 1996.]

(8) Indien die raad 'n beslissing van of stappe gedoen deur die registrateur tersyde stel, word die voorgeskrewe gelde deur die appellant ten opsigte van die betrokke appèl betaal, aan hom terugbetaal, of, indien die raad sodanige beslissing of stappe wysig, kan hy na goeddunke gelas dat die geheel van sodanige gelde of 'n gedeelte daarvan aan die appellant terugbetaal word.

43.

[A. 43 herroep deur a. 24 van Wet No. 15 van 1996.]

44. Regulations.—(1) The Minister may make regulations—

- (a) prescribing any certificate or other document or form to be issued or used for the purposes of this Act;
- (b) prescribing the fees payable in respect of any application, matter or document;
- (c) prescribing the scale of remuneration which shall be paid to a person appointed in terms of section 18 (2);
- (d) prescribing the scale of remuneration which shall be paid to any member of a board appointed in terms of section 42 (2);
- (e) prescribing the information and facilities to be provided to the registrar by an applicant for a plant breeder's right, and the reproductive material to be submitted at the time of an application and thereafter;
- (f) prescribing the tests, trials, examinations and other steps to be taken by an applicant or the registrar before a plant breeder's right may be granted, and the time within which they are to be taken;
- (g) prescribing the records relating to reproductive material for sale, multiplication or export to be kept by any person who has such material in his possession or under his control, the form and manner in which they are to be kept, and how and to whom they shall be available for inspection;
- (h) concerning any matter which in terms of this Act is required or permitted to be prescribed; and
- (i) concerning, generally, any matter which he considers necessary or expedient to prescribe in order that the objects and purposes of this Act may be better achieved, the generality of the powers conferred by this paragraph not being limited by the provisions of the preceding paragraphs.

(2) Different regulations may be made in terms of this section in respect of different classes or groups of plants or in respect of different kinds of plant or in such other respects as the Minister may determine.

(3) The regulations may in respect of any contravention thereof or failure to comply therewith prescribe a penalty—

- (a) in the case of a first conviction, of a fine or imprisonment for a period not exceeding six months; and
- (b) in the case of a second or subsequent conviction, of a fine or imprisonment for a period not exceeding one year.

[Sub-s. (3) substituted by s. 25 of Act No. 15 of 1996.]

(4) A regulation prescribing any fees shall be made only after consultation with the Minister of Finance.

45. Offences and penalties.—(1) Any person—

- (a) who makes a false entry in the register or causes it to be made therein, or who makes a writing or causes a writing to be made which falsely purports to be a copy of an entry in the register or of a document lodged with the registrar, or who produces or tenders or causes to be produced or tendered as evidence any such entry or any such copy;
- (b) who makes a false statement or representation, or who furnishes false information, knowing it to be false;

[Para. (b) substituted by s. 26 (a) of Act No. 15 of 1996.]

44. Regulasies.—(1) Die Minister kan regulasies uitvaardig—

- (a) wat 'n sertifikaat of ander dokument of vorm voorskryf wat vir die doeleindes van hierdie Wet uitgereik of gebruik moet word;
- (b) wat die gelde voorskryf wat betaalbaar is ten opsigte van 'n aansoek, aangeleentheid of dokument;
- (c) wat die skaal van die besoldiging voorskryf wat betaal moet word aan 'n persoon wat ingevolge artikel 18 (2) aangestel word;
- (d) wat die skaal van die besoldiging voorskryf wat betaal moet word aan 'n lid van 'n raad wat ingevolge artikel 42 (2) aangestel word;
- (e) wat die inligting en fasiliteite wat deur 'n applikant om 'n planttelersreg aan die registrateur voorsien moet word, en die voortplantingsmateriaal wat ten tyde van 'n aansoek en daarna voorsien moet word, voorskryf;
- (f) wat die toetse, proewe, ondersoeke en ander stappe wat deur 'n applikant of die registrateur gedoen moet word voordat 'n planttelersreg toegestaan kan word, en die tyd waarin dit gedoen moet word, voorskryf;
- (g) wat die aantekeninge betreffende voortplantingsmateriaal vir verkoop, vermeerdering of uitvoer wat gehou moet word deur iemand wat sodanige materiaal in sy besit of onder sy beheer het, die vorm waarin en die wyse waarop dit gehou moet word, en hoe en aan wie dit ter insae beskikbaar moet wees, voorskryf;
- (h) betreffende 'n aangeleentheid wat ingevolge hierdie Wet voorgeskryf moet of kan word; en
- (i) betreffende oor die algemeen enige aangeleentheid wat hy nodig of dienstig ag om voor te skryf ten einde die oogmerke en doeleindes van hierdie Wet beter te verwesenlik, sonder dat die algemeenheid van die bevoegdhede wat deur hierdie paragraaf verleen word, deur die bepalinge van die voorgaande paragrawe beperk word.

(2) Verskillende regulasies kan ingevolge hierdie artikel uitgevaardig word ten opsigte van verskillende kategorieë of groepe plante of ten opsigte van verskillende soorte plante of in die ander opsigte wat die Minister bepaal.

(3) Die regulasies kan ten opsigte van enige oortreding daarvan of versuim om daaraan te voldoen 'n straf voorskryf—

- (a) in die geval van 'n eerste skuldigbevinding, van 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande; en
- (b) in die geval van 'n tweede of daaropvolgende skuldigbevinding, van 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een jaar.

[Sub-a. (3) vervang deur a. 25 van Wet No. 15 van 1996.]

(4) 'n Regulasie wat gelde voorskryf, word slegs na oorleg met die Minister van Finansies uitgevaardig.

45. Misdrywe en strawwe.—(1) Iemand—

- (a) wat 'n valse inskrywing in die register maak of laat maak, of wat 'n geskrif maak of laat maak wat valslik voorgee 'n afskrif te wees van 'n inskrywing in die register of van 'n dokument by die registrateur ingedien, of wat so 'n inskrywing of so 'n afskrif as getuienis voorlê of aanbied of laat voorlê of aanbied;
- (b) wat 'n valse verklaring of voorstelling maak, of wat vals inligting verstrek, met die wete dat dit vals is;

[Par. (b) vervang deur a. 26 (a) van Wet No. 15 van 1996.]

- (c) who obstructs or hinders the registrar, an officer or a person referred to in section 3 (3) (a) in the exercise of his or her powers or the carrying out of his or her duties under this Act;
[Para. (c) substituted by s. 26 (a) of Act No. 15 of 1996.]
- (d) who, having been duly summoned to appear at any proceedings under this Act, fails without lawful excuse so to appear;
- (e) who, having appeared as a witness at any proceedings under this Act, refuses without lawful excuse to be sworn or to make affirmation or to produce any document or answer any question which he may be lawfully required to produce or answer;
- (f) who falsely represents that propagating material sold by him for the purpose of propagation or multiplication is propagating material of a variety in respect of which a plant breeder's right has been granted under this Act, or that the propagating material originates from such a variety;
- (g) who, at the sale of propagating material for the purpose of propagation or multiplication, uses a denomination therefor which is different from the denomination registered in terms of this Act for the variety in question or uses the registered denomination of another variety of the same kind of plant or uses a denomination which corresponds so closely to a registered denomination that it is misleading;
- (h) who fails to comply with an undertaking referred to in paragraph (b) of section 14 (2) or fails to carry out an order referred to in section 24A (1) (b);
[Para. (h) substituted by s. 26 (b) of Act No. 15 of 1996.]
- (i) who, except in the circumstances referred to in section 40, discloses information acquired by him in the course of his duties or in the performance of his functions under this Act,

shall be guilty of an offence and liable on conviction—

- (i) in the case of a first conviction of an offence referred to in paragraph (a) or (b) to a fine or to imprisonment for a period not exceeding two years;
[Para. (i) substituted by s. 26 (c) of Act No. 15 of 1996.]
- (ii) in the case of a second or subsequent conviction of an offence referred to in paragraph (a) or (b) to a fine or to imprisonment for a period not exceeding four years;
[Para. (ii) substituted by s. 26 (e) of Act No. 15 of 1996.]
- (iii) in the case of a first conviction of an offence referred to in paragraph (c), (d), (e), (f), (g), (h) or (i) to a fine or to imprisonment for a period not exceeding one year; or
[Para. (iii) added by s. 26 (d) of Act No. 15 of 1996.]
- (iv) in the case of a second or subsequent conviction of an offence referred to in paragraph (c), (d), (e), (f), (g), (h) or (i) to a fine or to imprisonment for a period not exceeding two years.
[Para. (iv) added by s. 26 (d) of Act No. 15 of 1996.]

(2) Notwithstanding anything to the contrary in any other law, a magistrate's court shall have jurisdiction to impose any penalty prescribed by this Act.

46. Prohibition of trafficking by officers.—(1) The registrar, or an officer who under the delegation, control or direction of the registrar exercises the powers and carries out the duties assigned to or imposed upon the registrar under this Act, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine or to imprisonment for a period not exceeding one year—

- (c) wat die registrateur, 'n beampte of 'n persoon bedoel in artikel 3 (3) (a) by die uitoefening van sy of haar bevoegdhe of die verrigting van sy of haar pligte ingevolge hierdie Wet belemmer of hinder;
[Par. (c) vervang deur a. 26 (a) van Wet No. 15 van 1996.]
- (d) wat, nadat hy behoorlik gedagvaar is om by enige verrigtinge ingevolge hierdie Wet te verskyn, sonder wettige rede versuim om aldus te verskyn;
- (e) wat, nadat hy as 'n getuie by enige verrigtinge ingevolge hierdie Wet verskyn het, sonder wettige rede weier om beëdig te word of 'n bevestiging te doen of om 'n dokument voor te lê of 'n vraag te beantwoord wat hy wettiglik aangesê kan word om voor te lê of te beantwoord;
- (f) wat valslik voorgee dat voortplantingsmateriaal deur hom verkoop vir doeleindes van voortplanting of vermeerdering, voortplantingsmateriaal is van 'n variëteit ten opsigte waarvan 'n planttelersreg ingevolge hierdie Wet toegestaan is, of dat die voortplantingsmateriaal van so 'n variëteit afkomstig is;
- (g) wat, by die verkoop van voortplantingsmateriaal vir doeleindes van voortplanting of vermeerdering, 'n ander benaming daarvoor gebruik as die benaming ingevolge hierdie Wet vir die betrokke variëteit geregistreer of die geregistreerde benaming van 'n ander variëteit van dieselfde soort plant gebruik of 'n benaming gebruik wat soveel met 'n geregistreerde benaming ooreenstem dat dit misleidend is;
- (h) wat versuim om 'n onderneming bedoel in paragraaf (b) van artikel 14 (2) na te kom of 'n opdrag bedoel in artikel 24A (1) (b) uit te voer;
[Par. (h) vervang deur a. 26 (b) van Wet No. 15 van 1996.]
- (i) wat, behalwe in die in artikel 40 bedoelde omstandighede, inligting openbaar wat deur hom in die loop van sy pligte of die verrigting van sy werksaamhede ingevolge hierdie Wet verkry is,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar—

- (i) in die geval van 'n eerste skuldigbevinding aan 'n misdryf in paragraaf (a) of (b) bedoel, met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar;
[Par. (i) vervang deur a. 26 (c) van Wet No. 15 van 1996.]
- (ii) in die geval van 'n tweede of daaropvolgende skuldigbevinding aan 'n misdryf in paragraaf (a) of (b) bedoel, met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vier jaar;
[Par. (ii) vervang deur a. 26 (c) van Wet No. 15 van 1996.]
- (iii) in die geval van 'n eerste skuldigbevinding aan 'n misdryf in paragraaf (c), (d), (e), (f), (g), (h), of (i) bedoel, met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een jaar; of
[Par. (iii) bygevoeg deur a. 26 (d) van Wet No. 15 van 1996.]
- (iv) in die geval van 'n tweede of daaropvolgende skuldigbevinding aan 'n misdryf in paragraaf (c), (d), (e), (f), (g), (h), of (i) bedoel, met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar.
[Par. (iv) bygevoeg deur a. 26 (d) van Wet No. 15 van 1996.]

(2) Ondanks andersluidende wetsbepalings besit 'n landdroshof regsbevoegdheid om enige straf wat hierdie Wet voorskryf, op te lê.

46. Verbod op handeldryf deur beamptes.—(1) Die registrateur, of 'n beampte wat ingevolge die delegasie of onder die beheer of lasgewing van die registrateur die bevoegdhe uitoefen en die pligte verrig wat kragtens hierdie Wet aan die registrateur toegewys of opgedra is, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een jaar—

- (a) if he buys, sells, acquires or traffics in any plant breeder's right or an interest therein;
- (b) if he acquires, otherwise than in the course of his duties, or sells any propagating material of a variety in respect of which a plant breeder's right has been granted or applied for.

[Sub-s. (1) amended by s. 27 (a) of Act No. 15 of 1996.]

(2) Any purchase, sale, acquisition or assignment of any plant breeder's right by or to the registrar or any such officer shall be of no force and effect.

(3) Any reproductive material acquired by the registrar or such an officer shall be forfeited to the State.

(4) Nothing in this section contained shall apply to the person who bred, or discovered and developed, a variety of a plant or to any acquisition by inheritance.

[Sub-s. (4) substituted by s. 27 (b) of Act No. 15 of 1996.]

47. Compensation in respect of infringement of plant breeder's right.—(1) The holder of a plant breeder's right may upon proof of an infringement of that right and without proof of damages which might arise from such infringement, recover by action in any competent court from the person who infringed the plant breeder's right compensation in respect of such infringement in an amount not exceeding R10 000.

[Sub-s. (1) substituted by s. 28 (a) of Act No. 15 of 1996.]

(2) An action under subsection (1) shall be available to the holder in lieu of any action for damages in any amount which might arise from the relevant infringement.

(3) An action referred to in subsection (1) or (2) shall not be instituted while the relevant plant breeder's right or variety is the subject of—

- (a) an objection which in terms of this Act is to be determined by the registrar; or
- (b) an appeal which in terms of section 42 is to be decided by the board.

(4) The holder of a plant breeder's rights or any person to whom a licence has been granted under section 25 or 27 may institute a claim for damages suffered by such holder or such person due to the infringement of that plant breeder's right.

[Sub-s. (4) added by s. 28 (b) of Act No. 15 of 1996.]

(5) In the case of proceedings referred to in subsection (4) instituted by a person to whom a licence has been granted under section 25 or 27, the holder of the relevant plant breeder's right shall be joined as a party to those proceedings.

[Sub-s. (5) added by s. 28 (b) of Act No. 15 of 1996.]

(6) In addition to any other remedy, a competent court may, in proceedings due to the infringement of a plant breeder's right, make an order in respect of the custody, surrender or disposal of any book, document, plant, propagating material, product, substance or other article.

[Sub-s. (6) added by s. 28 (b) of Act No. 15 of 1996.]

48. Assignment of powers and duties by Minister.—The Minister may either generally or in any particular case or in relation to particular property assign to any officer of the department any power conferred or duty imposed upon him under this Act, other than a power referred to in section 31 or 44.

49. Limitation of liability.—No compensation shall be payable by the State, the Minister, the registrar or an officer in respect of any act done in good faith under this Act.

- (a) indien hy 'n planttelersreg of 'n belang daarin koop, verkoop, verkry of daarin handel dryf;
- (b) indien hy voortplantingsmateriaal van 'n variëteit ten opsigte waarvan 'n planttelersreg toegestaan is of om aansoek gedoen is, verkry, anders as in die loop van sy pligte, of verkoop.

[Sub-a. (1) gewysig deur a. 27 (a) van Wet No. 15 van 1996.]

(2) 'n Aankoop, verkoop, verkryging of oordrag van 'n planttelersreg deur of aan die registrateur of so 'n beamppte is nietig.

(3) Voortplantingsmateriaal deur die registrateur of so 'n beamppte verkry, word aan die Staat verbeur.

(4) Geen bepaling van hierdie artikel is op die persoon wat 'n variëteit van 'n plant geteel, of dit ontdek en ontwikkel het of op verkryging deur vererwing van toepassing nie.

[Sub-a. (4) vervang deur a. 27 (b) van Wet No. 15 van 1996.]

47. Vergoeding ten opsigte van skending van planttelersreg.—(1) Die houer van 'n planttelersreg kan by bewys van 'n skending van daardie reg en sonder bewys van skade wat uit so 'n skending mag ontstaan, by geding in 'n bevoegde hof vergoeding ten opsigte van so 'n skending ten bedrae van hoogstens R10 000 verhaal op die persoon wat die planttelersreg geskend het.

[Sub-a. (1) vervang deur a. 28 (a) van Wet No. 15 van 1996.]

(2) 'n Geding ingevolge subartikel (1) is ter beskikking van die houer in die plek van enige aksie om skadevergoeding in enige bedrag wat uit die betrokke skending mag ontstaan.

(3) 'n In subartikel (1) of (2) bedoelde geding word nie ingestel nie terwyl die betrokke planttelersreg of variëteit die onderwerp is van—

- (a) 'n beswaar wat ingevolge hierdie Wet deur die registrateur bepaal moet word; of
- (b) 'n appèl wat ingevolge artikel 42 deur die raad beslis moet word.

(4) Die houer van 'n planttelersreg of iemand aan wie 'n lisensie toegestaan is kragtens artikel 25 of 27, kan 'n eis instel vir skade gelyk deur sodanige houer of sodanige persoon weens die skending van daardie planttelersreg.

[Sub-a. (4) bygevoeg deur a. 28 (b) van Wet No. 15 van 1996.]

(5) In die geval van 'n geding bedoel in subartikel (4) ingestel deur iemand aan wie 'n lisensie toegestaan is kragtens artikel 25 of 27, word die houer van die betrokke planttelersreg as 'n party tot daardie geding gevoeg.

[Sub-a. (5) bygevoeg deur a. 28 (b) van Wet No. 15 van 1996.]

(6) Benewens enige ander remedie, mag 'n bevoegde hof, in 'n geding weens die skending van 'n planttelersreg, 'n bevel maak ten opsigte van die bewaring, oorgawe of beskikking van enige boek, stuk, plant, voortplantingsmateriaal, produk, stof of ander voorwerp.

[Sub-a. (6) bygevoeg deur a. 28 (b) van Wet No. 15 van 1996.]

48. Oordrag van bevoegdheid en pligte deur Minister.—Die Minister kan 'n bevoegdheid of plig kragtens hierdie Wet aan hom verleen of opgedra, uitgesonderd 'n bevoegdheid in artikel 31 of 44 bedoel, aan 'n beamppte van die departement in die algemeen of in 'n bepaalde geval of met betrekking tot bepaalde goed oordra.

49. Beperking van aanspreeklikheid.—Geen vergoeding is deur die Staat, die Minister, die registrateur of 'n beamppte betaalbaar ten opsigte van 'n handeling wat te goeder trou kragtens hierdie Wet verrig is nie.

50.

[S. 50 repealed by s. 29 of Act No. 15 of 1996.]

51. Plant breeder's rights granted in terms of Act 22 of 1964.—(1) A final or provisional plant breeder's right granted in terms of the provisions of the Plant Breeders' Rights Act, 1964, before the commencement of this Act, shall be deemed to be a plant breeder's right granted under this Act, and every provision of this Act, other than the provisions of section 22, shall *mutatis mutandis* apply with reference to any such plant breeder's right.

(2) Any application for a plant breeder's right which was received by the registrar before the commencement of this Act but in respect of which a final plant breeder's right was not granted under section 15 of the Plant Breeders' Rights Act, 1964, before such commencement, shall be dealt with in all respects as if this Act had commenced on the date of receipt of such application.

52. Repeal of laws.—The Plant Breeders' Rights Act, 1964 (Act 22 of 1964), and the Plant Breeders' Rights Amendment Act, 1969 (Act 72 of 1969), are hereby repealed.

53. Short title and commencement.—This Act shall be called the Plant Breeders' Rights Act, 1976, and shall come into operation on a date to be fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

50.

[A. 50 herroep deur a. 29 van Wet No. 15 van 1996.]

51. Planttelersregte verleen ingevolge Wet 22 van 1964.—(1) n Finale of voorlopige planttelersreg ingevolge die bepalings van die Wet op Planttelersregte, 1964, toegestaan voor die inwerkingtreding van hierdie Wet, word geag 'n planttelersreg te wees kragtens hierdie Wet toegestaan, en elke bepaling van hierdie Wet, behalwe die bepalings van artikel 22, is *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot so 'n planttelersreg.

(2) Met 'n aansoek om 'n planttelersreg wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet deur die registrateur ontvang is maar ten opsigte waarvan 'n finale planttelersreg nie ingevolge artikel 15 van die Wet op Planttelersregte, 1964, toegestaan is voor bedoelde inwerkingtreding nie, word in alle opsigte gehandel asof hierdie Wet op die datum van ontvangs van so 'n aansoek in werking getree het.

52. Herroeping van wette.—Die Wet op Planttelersregte, 1964 (Wet 22 van 1964), en die Wysigingswet op Planttelersregte, 1969 (Wet 72 van 1969), word hierby herroep.

53. Kort titel en datum van inwerkingtreding.—Hierdie Wet heet die Wet op Planttelersregte, 1976, en tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.